die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 328 • Februarie 2020

... NA DIE BELOOFDE LAND

LIG IN DUISTERNIS

Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24

Het u hierdie uitgawe van *Die Boodskapper* geniet?

Teken vandag nog in en ontvang die nuutste uitgawe maandeliks in u elektroniese posbus!

Wat maak die elektroniese uitgawe uniek?

- Interaktiewe inhoudsopgawe en kruisverwysings.
- Skakels na sekere bronne, relevante artikels en webtuistes.
- Selfs *Die Boekwinkel* is nou net 'n muisklik weg!
- Nou kan u die elektroniese uitgawe van *Die Boodskapper* in volkleur lees!

Teken in vir 2020!

Koste beloop R13.00 per eksemplaar of R130,00 vir die hele jaar.
(daar is 10 uitgawes per jaar).

Stuur asseblief 'n e-pos aan boodskapper@apk.co.za met u naam, kontaknommer, die e-posadres waarheen *Die Boodskapper* gestuur moet word en u bewys van betaling.

Rekeningbesonderhede:
ABSA Tjekrekening: 214 014 3068. Elektroniese takkode: 632 005. Rekeningnaam: APK.
Gebruik u naam en van as verwysing.

Klik op een van die voorblaaie en gaan loer gerus na vorige uitgawes van *Die Boodskapper:*



U kan ook op 'n hardekopie van *Die Boodskapper* inteken. Vir enige navrae kontak ons telefonies by 012 362 1390 of per e-pos by boodskapper@apk.co.za

Februarie 2020 | No. 328

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Bybellande deurreis

REDAKSIONEEL

Prof. Johan Bosman
Studietoer na Egipte en Israel **1**

AMPTELIK 2, 3

ONTVANG DIE WOORD

Ds. Paul Möller
By wie sal julle My dan vergelyk? 4

HOOFARTIKEL

Prof. Alwyn Swanepoel
Notas oor die moderne staat van Israel 6

ARTIKELS

Prof. Koos Adendorff
Bybels-teologiese nadenke oor die Jerusalem-konvent 8

Ons gesels met ...
Ds. Maarten Dekker 10

Prof. Gerrit Smit
Die wonder van die bewaring van God se Woord 12

Dr. CF Meiring
Dominee: 'n Besoek aan die Bybellande voeg waarde toe 15

Ds. Johan Schütte
Vredeliewende Moslems en die ongeregverdigde kruistogte? 17

Ds. Jan Brink en Lourens du Preez
Méér as net boeke-kennis 18

AKTUEEL

Briewe 16, 20, 23
Smeltoond 21
Bybelwoordblok: Die pad van die spioene 22
Gemeentenuus 25
Antwoorde: Bybelwoordblok (Des. 2019/Jan. 2020, bl. 24) 26
Boekresensie: *Die wonder van die Woord* ..... b.a

IN ONS GESKIEDENIS

Dr. Pieter Mulder
Louis Botha val Duits-Suidwes in Februarie 1915 binne 32

VOORBLAD:
Alhoewel prof. Koos Adendorff 'n gelowige Israeliet is, voel hy nie heeltemal gemaklik as 'n Boere-Jood nie.

REDAKSIE

Eindredakteur
Ds. HSW Strauss

Redaksielede
Di. AS van Staden, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller

Redaksiesekretaresse en advertensies
Mev. M Langeveldt
Tel.: 012 362 1390
e-pos: boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE

Gemeenskaplike Kerkkantoor
Kerkkantoor en Boekwinkel
Tel.: 012 362 1390
Faks: 012 362 2023
Posbus 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
e-pos: info@apk.co.za
Webblad: www.apk.co.za

Die Afrikaanse Protestantse Akademie
Administrasie
Tel.: 012 344 3960/1/2
Faks: 012 344 5480
Posbus 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
e-pos: info@apa.ac.za
Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint
reliable perfection

Bladuitleg: Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis Uitgewers
(Tel. 012 362 1390)

Studietoer na Egipte en Israel

Prof. Johan Bosman (Toerleier 2019)

Die volgende toer word DV vir 2023 (oor vier jaar) beplan. Prof. Gerrit Smit het ingestem om dan as die toerleier op te tree. In feite is hierdie uitgawe 'n pleidooi om so 'n studietoer weer finansieel moontlik te maak.

Sommer 'n innige woord van dank en waardering aan elkeen wat tot die afgelope toer bygedra het, sowel aan die donateurs as die toergeselskap. Daar is aspekte van God se Woord wat 'n mens nou maar net nie in 'n klaskamer kan doseer nie.

Besoek gerus die AP Akademie se Facebook-blad om videogrepe van die toer te sien. Soos ds. Jan Brink, teologiese student Lourens du Preez, dr. Cois Meiring en lede van ons toergeselskap so mooi uitwys: 'n Studietoer na Egipte en Israel voeg beslis waarde toe aan jou Bybellees en Bybelstudie. Wie van ons sal byvoorbeeld die uitklim van Sinai-berg kan vergeet of die bootvaart op die see van Galiléa of die deelname aan die uitgrawings by Korazim? Die teologiese dosente, studente en predikante van ons kerkverband het reëlmatig so 'n studiegeleentheid nodig, terwyl lidmate, familie en vriende natuurlik ook welkom is. Die afgelope toer (vanaf Vrydag 27 September tot Woensdag 9 Oktober 2019) was reeds die tweede. In 2012 het prof. Koos Adendorff as die toerleier opgetree.

Hoewel die voorbereidings al ruim 18 maande voor Oktober 2019 begin het, is gevind dat nog meer tyd vir voorbereiding benodig word. Ook het die ondervinding geleer dat 'n reëlmaat van elke vier jaar beter sal wees. Daarom kondig ons die beplanning van die volgende toer sommer dadelik aan.

Help ons asseblief om in 2023 weer te toer! Enige navrae kan gerig word aan gerrit.smit@apa.ac.za of skakel prof. Smit gerus by 012 344 3960.

Intussen leer elke toer ook waardevolle lesse. Ons strewe is om steeds meer van 'n Bybelstudent en al minder van 'n toeris te wees. Ook, om die maksimum te leer teen die mees ekonomiese koste.

Egipte se Luxor gee blootstelling aan die eeue-oue stryd met die afgode, oor hoe aangrypend die Skepper verruil kan word vir aanbidding in ongeregtigheid. Farao, verteenwoordiger van Amun-Ra, hoofgod van die Egiptiese panteon in Moses se tyd, het in dwaasheid die stryd met JHWH durf voer.

"EK IS WAT EK IS", stel oor al die eeue steeds die aktuele vraag: *By wie sal julle My vergelyk, dat Ek net so kan wees?* (Jes. 40:25) Dit is opvallend om die valleie van die konings en die koninginne rondom die antieke septerstad van Egipte te besoek, die mummies wat steeds oopgegrawe word, terwyl die graf van die Opgestane drie dae ná sy sterwe leeg gevind is. Om dan vanaf Kaïro oor die Suez-kanaal deur die woestyn na St. Katarina-kloosters in die Sinai te reis, maak diep indruk. Die volk het vir 40 jaar(!) onder God se sorg in dié woestyn rondgetrek.

In weerwil van wat skeptici en kampvegters uit die geledere van die Judaïsme en Moslems beweer, aanbid die heilige, algemene en apostoliese Kerk van Christus Jesus, die God van Abraham, Isak en Jakob (vgl. Mt. 1:1-25; Lk. 3:23-38). Die ontdekking van die Qumranrolle slaan alle twyfel wat byvoorbeeld deur Islam gesaai word as sou die Bybel 'n vervalsing wees, eenvoudig die nek in. Kritiek oor aktuele kwessies kwalifiseer ook nie vir anti-Semities nie. Wie aan Christenskap reg wil doen, moet Bybels-teologies dink. Ons geloof wys immers welbewus terug na Jerusalem, na die Joodse kring van die twaalf (vgl. Hand. 1; 15). Ons Messias is die Koning van die Jode (Mt. 27:37; Mk. 15:26; Lk. 23:37; Jh. 19:19) en ons geloof is gerig op die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van God sal neerdaal, toebrei soos 'n bruid wat vir haar man versier is (vgl. Openb. 21).

Om Egipte en Israel te besoek, konfronteer jou met die God van die ewige verbond (vgl. Gén. 17:7), die voetspore van die Here Jesus en sy apostels, maar ook

met 'n gebeurtenis soos die kruistogte. Terwyl daaroor sekerlik kritiek gelewer kan word, neem dit nie weg dat die kruistogte uit die wortel van die saak 'n antwoord op die hulpgeroep van noodlydendes was nie.

Christus-gelowiges relativeer met reg die hele konflik oor grondgebied in die geweste van Israel. In Christus word die hele wêreld mos ingesluit as sý grondgebied. Die enigste uitsig op 'n egte oplossing en blywende vrede is die heerlike evangelie van Christus Jesus, wat jammerlik in ons tyd so geminag word, beide deur Sioniste en Moslems. Bygesê, ook hier in Suid-Afrika is die evangelie onmisbaar om 'n bloedbad te voorkom. Die sowat 6,76 miljoen Jode beleef konstante konflik oor hulle grondgebied wat maar so groot soos die Kruger Wildtuin is en waarvan die suidelike deel (ongeveer 190 van die 424 km) uit woestyn bestaan. Dit laat 'n mens wonder oor ons 2,7 miljoen Afrikaners se pekel. Moet volksvreemde owerhede nou regtig by ons grond vat en grond aan ons leen-huur, asof ons onwelkome bywoners is? Hoeveel grond is regtig nodig vir 'n volkstaat? Wat is alreeds in ons besit? 'n Besoek aan Israel verander perspektiewe behoorlik. Die evangelie laat jou dieper besin.

Een van die heerlikste verrassings tydens die toer was om by ds. Maarten Dekker en sy eggenote Marita, te kuier – 'n gereformeerde leraarspaar. Dit was weer vrug van die vertaalprojek waaraan die professore by die AP Akademie deelneem. Op die oomblik word gewerk aan die vertaling van die kantaantekeninge by die wakis-Bybel (die ou Statebybel), Afrikaners se Studiebybel tot 1958. Toe verneem word dat daar gereformeerde Woordbediening in Násaret plaasvind, is die geleentheid spreekwoordelik met albei hande aangegryp om die Negama-gemeente te besoek.

Nog so 'n verrassing tydens die toer, word met *Smeltoond* aan die orde gestel. Die sogenaamde Israelvisie-dwaling oftewel die Anglo-Saksiese tienstamme Israel-godsdiens word deesdae met hulle eie rassistiese bedrog-speletjie gekonfronteer.

Saamgevat sê 'n toerlid dit so treffend: "Ek sal vir seker nooit weer met dieselfde oë na die Woord kyk nie". Hoe waar is dit tog nie! Baie sterkte word prof. Smit toegebid. Mag u 'n oorvloed aan ondersteuning ontvang vir die toer van DV 2023.

AMPTELIK

LEGITIMASIE 2019

Prop. Nicolas Jakobus Hefer

Geboortedatum: 19 Februarie 1993
Matrikuleer: 2011
Huwelikstatus: Enkellopend
Woonadres: William straat 9, Kestellhof, Kimberley
Selfoonnommer: 076 644 5008
E-posadres: nicohefer7@gmail.com

BESTEK VIR BYBELKENNIS EKSAMEN 2020

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 3:1-4:26 (20)	Matthéüs 13 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 5	Eksodus 18-20 (20)	Lukas 15-16 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 6	Rigters 6-7 (20)	Handelinge 4-5 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 7	1 Samuel 3-5 (35)	1 Korintiërs 11-13 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 8	Nehemia 4-6, 8 (35)	Jakobus 1-3 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 9	Jona 1-4 (35)	1 Timotheus 2-5 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 10	Prediker 1-4 (35)	Mattheus 27-28 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 11	Haggai 1-2, Sagaria 1-2 (35)	Johannes 10-11(35)	Les 1-9 (30)
Belydende	1 Samuel 6-9 (35)	Handelinge 8 & 9 (35)	NGb Art 34-37 (30)

LERAARS

Beroepe ontvang

- Ds. JC Jooste (Marble Hall) na Lydenburg.
- Ds. RK Combrink (Bethlehem) na Orania.

Beroepe aanvaar

Ds. RK Combrink (Bethlehem) na Orania.

Beroepe bedank

Ds. JC Jooste (Marble Hall) na Lydenburg.

Leraar oorlede

Ds. LD Pienaar (emeritus), is op 1 Desember 2019 oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troosryke bystand van die Here toe.

ADRESVERANDERINGE

- **Ds. BNA Wiese (AP Kerk Uitenhage):** Sel: 066 235 7700.
- **AP Kerk Lichtenburg:** Sel: 063 296 5341.

SKOOLKWARTALE 2020

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 31 Maart – 12 Junie
Derde kwartaal: 7 Julie – 18 September
Vierde kwartaal: 29 September – 4 Desember

CVO SKOOLKWARTALE 2020

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 30 Maart – 12 Junie
Derde kwartaal: 6 Julie – 18 September
Vierde kwartaal: 28 September – 2 Desember

DIE BOODSKAPPER Verskyningsdatums 2020

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Maart 2020	17 Januarie	25 Februarie
April 2020	19 Februarie	24 Maart
Mei 2020	10 Maart	21 April
Junie 2020	20 April	26 Mei
Julie/Augustus 2020	19 Mei	25 Junie
September 2020	14 Julie	25 Augustus
Oktober 2020	12 Augustus	22 September
November 2020	17 September	27 Oktober
Des. 2020/Jan. 2021	15 Oktober	24 November

Wil u graag in *Die Boodskapper* adverteer?

Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za indien u enige navrae het.

Advertensietariewe 2020

Grootte	mm (hoogte x breedte)	Prys (swart & wit)	Volkleur
1/16 blad	40 x 90 mm	R170,00	*Nie beskikbaar*
1/8 blad	65 x 90 mm	R440,00	*Nie beskikbaar*
1/4 blad	124 x 90 mm	R920,00	R1 965,00 *(slegs binne agterblad)*
1/2 blad	124 x 180 mm	R1 550,00	*Nie beskikbaar*
Volblad	246 x 180 mm	R2 550,00	*Nie beskikbaar*
Binne-agter – 1/2 *(indien beskikbaar)*	148 x 200 mm	Volkleur	R3 200,00
Binne-agter – vol *(indien beskikbaar)*	297 x 210mm	Volkleur	R4 730,00
Agterblad – 1/2 *(indien beskikbaar)*	148 x 200 mm	Volkleur	R3 295,00
Agterblad – vol *(indien beskikbaar)*	297 x 210 mm	Volkleur	R5 700,00

50% afslag op R835,00 en meer indien AP kerksake geadverteer word.

SPESIALE AANBIEDING! Kry 10% afslag vir 10 agtereenvolgende advertensies vooruitbetaalbaar.

Bank inbetalingsbesonderhede:

Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005

Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2020

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
6 April	Van Riebeeckdag
10 April*	Goeie Vrydag
12 April	Paassondag
13 April*	Gesinsdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
21 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Pinksterfees
31 Mei	Republiekdag
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

BEKENDES IN LONDEN?

Daar is 'n gemeente. Gee gerus die name van u familielede of bekendes wat bediening nodig het, deur aan Francois van der Lith. Sy kontaknommer is: +44 771 869 8137; e-pos: engeland@apk.co.za

By wie sal julle My dan vergelyk?

Ds. Paul Möller

Skriflesing: Jesaja 40:12-31 • **Sing:** Ps. 33:1, 5, 9, 11; Ges. 242:1, 4

By wie sal julle My dan vergelyk? Dit was 'n vraag wat die HERE aan sy volk in uiters moeilike omstandighede gestel het. Die volk bevind hulle in die Babiloniese ballingskap en twyfel of die HERE nog enigsins aan hulle dink, selfs of Hy die vermoë het om hulle te kan help. Dinge het te ver gegaan. Daar is nie meer omdraaikans nie. Hulle ervaar geen hoop meer nie.

Is dit nie presies hoe sommige van ons ook dink nie? Is daar nog hoop in ons gebroke werklikheid? Is daar nog 'n toekoms? Is daar nog enigsins 'n kans vir uitkoms? Die probleem is dat ons dink God is beperk tot ons vermoë om probleme op te los. Aan die ander kant dink ons dikwels dat ons self 'n oplossing in eie vermoë moet vind – eie insig, planne, leiers.

Op hierdie punt in die boek Jesaja voer die HERE met sy volk 'n regsaak en vra: *By wie sal julle My dan vergelyk?* Hy begin in ons gelese gedeelte om aan hulle die antwoord te beskryf. Hulle het beslis goeie rede om te onthou wie Hy is.

Almagtig, alwys, verhewe

In vers 12 begin die profeet met 'n klomp retoriese vrae: *Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal?* Geen mens kon dit doen nie. Die volk word digterlik daarop gewys dat dit God is wat alles geskape het. Hy is die Almagtige, maar Hy is ook alwys. Hy het nie nodig dat 'n klomp raadgewers of iemand vir Hom insig moet gee nie. Paulus skryf veel later in die Nuwe Testament:

> *O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen* (Rom. 11:33-36).

By wie (dus) sal julle My dan vergelyk?

Kan al die nasies van die aarde iets teen God vermag? Nee, hulle is niks en nietigheid voor Hom. Hy blaas op hulle vorste en hulle verdor en die storm voer hulle weg (v. 23-24). Die volk hoef nie net daaraan te dink dat God die Skepper is nie. Dink maar ook aan die geskiedenis. Hoeveel keer het die HERE nie uitkoms uit die hand van magtige volke gegee nie? In die tyd ná die aartsvaders, in die Rigterstyd, in die tyd van vorige profete. Julle weet mos. Julle het dit in die Geskrifte gelees en julle is in die geskiedenis onderrig. Selfs magtige nasies is soos 'n druppel in die emmer en hulle word gereken soos 'n stoffie aan die weegskaal (v. 15). Dink aan die uittog. Dink aan Egipte. Onthou tog hoe die HERE julle voorvaders met 'n kragtige hand en 'n uitgestrekte arm daar uitgelei het; hoe Hy die Farao met sy magtige wêreldryk, sy leërmag, strydwaens en al in die Rooisee weggeblaas het.

Is hulle gode dalk te sterk vir My? In die antieke tyd het mense geglo as een volk deur 'n ander volk oorwin word, dan is hulle gode sterker. Onder Israel kon so 'n

gedagte maklik posvat. Is U nog daar, HERE? Is die Babiloniërs se gode sterker? Wonder ons soms ook of God nog werklik in beheer is? Hoe dwaas sou sulke denke nie wees nie! Menslike gedagtes. Destyds dien hulle gode deur mensehande gemaak, 'n beeld uit goud of hout (vs. 19-20), deesdae is dit geld of status. Hoe ironies dat mense iets uit die skepping wat die Skepper gemaak het, neem en daarvoor buig asof dit 'n god is. Die profeet kom wys in der waarheid uit hoe belaglik sulke denke sou wees. As die Ou Testamentiese volk 'n waardige offer aan die enige, ware God sou wou bring, is die hout van die Libanon eenvoudig nie genoeg as brandhout en sy wild nie genoeg as brandoffer nie (v. 16). Dit laat by hulle en ons telkens die vraag wat diep sny: By wie wil julle My dan vergelyk?

Die regsgeding duur nog voort, amper soos met Job van ouds. In vers 26 staan: *Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape?* Aanskou die grootsheid van die hemele. Kyk na al die sterre, die hele leërmag. Deur sy almag word nie een gemis nie. God is in beheer. Hy is volstrek in beheer van die totale heelal. Hy alleen is God!

Die getroue God van uitkoms

Hoe op aarde kan kinders van die HERE, ongeag wat die omstandighede is, dink dat God nie tot hulp in staat is nie? Die profeet vra in hierdie geding (v. 27) vir die volk:

> *Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die HERE verborge, en my reg gaan by my God verby?*

Hy is tog die Ewige, die Skeppergod, God van sy verbond! Ons is tog sy kinders. Hy sal aanhou om sy beloftes gestand te doen. Hy sal op sy tyd die uitkoms bring. Het Hy dit nie nog altyd deur die geskiedenis gedoen nie? Hy is mos nie soos 'n mens nie. Hy word nie moeg en mat nie. Hy is die Almagtige. Niemand kan met Hom vergelyk word nie. Hy is gou om goed aan sy kinders te doen, maar dit moet ook verstaan word dat daar geen deurgronding van sy gedagtes is nie.

Ons verstaan nie altyd die werkinge van God nie, maar ons mag glo dat dit altyd tot ons heil is. Dikwels verstaan ons dit nie, sien ons dit nie in nie, maar ons mag weet dat Hy altyd tot ons beswil optree. Daarom, vertrou op die HERE, wag op Hom. Hy sál red en wel volgens sy onvergelykbare wysheid!

> *Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie* (v. 29).

In hierdie ballingskap-situasie het die volk beslis rede om steeds op Hom te vertrou. Die HERE roep ons op om in tye van beproewing op Hom te bly wag. In hierdie gebroke wêreld sal daar altyd moeilike tye kom, maar die HERE gee nuwe krag. Hy stel ons in staat om voort te gaan. Laat ons tog in moeilike tye net nie die fout begaan deur te dink ons moet maar self sien en kom klaar nie.

> *Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag ...* (vs. 30-31).

Onvergelyklik in sy Seun, Christus Jesus.

Dié onvergelyklike God sál die uitkoms gee en Hy hét! Hy het selfs Kores, die Persiese koning, gebruik om sy plan te voltrek. In die tyd van die Romeinse Ryk het Hy op unieke wyse aan sy beloftes uitvoering gegee. So onvergelykbaar is Hy! Ná vierduisend jaar laat Hy die belofte in vervulling gaan dat Hy Een sou voorsien wat die ou slang se kop sou vermorsel. Hy red ons inderdaad uit ons diepste nood. Dié keer soveel meer aangrypend. Die uitkoms was soveel groter. Hierdie onvergelyklike, ewige God skenk aan ons sy eie Seun om ons van die ewige dood te verlos en ons met Hom te versoen. Deur die selfopofferende daad van Christus Jesus en die werking van die Heilige Gees is ons nou sy kerk en deel van 'n veel beter verbond. Hyself hou steeds sy kerk in stand – allermins 'n leë belofte. Kan ons dan ooit dink dat God nie meer omgee nie, of dat Hy nie in staat is om sy beloftes te vervul nie? Hy het ons dan selfs sy eie Seun gegee – Immánuel!

Die HERE vra daarom baie doelbewus: *By wie sal julle My vergelyk?* Hy, die Onvergelyklike, is ons Vader deur die versoeningswerk van die Here Jesus Christus. Ons het werklik niks te twyfel nie. In Romeine 8:31-32 staan:

> *Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*

Notas oor die moderne staat van Israel

Prof. Alwyn Swanepoel

Dit is nogal 'n uitdaging om 'Israel' in beeld te kry.[1] Antieke Israel het reeds in 138 n.C. ophou bestaan toe die Romeinse keiser Hadrianus die Bar Kochba-revolusie verpletter en alle Jode uit Palestina verban het. Hedendaagse Israel het pas in 1948 vorm aangeneem, ná 5 eeue van Turkse Moslem-bewind.

Vader van die moderne beweging: Theodor Herzl

Blykbaar was daar rondom 1850 sowat 14 000 Jode in Palestina (vandag is daar ongeveer 6,76 miljoen). 'n Eerste golf van moderne emigrasie van Jode het teen 1881 begin posvat as gevolg van groeiende anti-Semitisme in Europa en Rusland.

Die Joods-Oostenryks-Hongaarse joernalis, Theodor Herzl, word beskou as die grondlegger van die huidige Sionisme. Hy het 'n Joodse tuisland voorgestel as antwoord op die probleem dat Jode nêrens in die wêreld werklik 'n heenkome gehad het nie. Insiggewend genoeg het hy ook Argentinië beskou as moontlikheid vir 'n tuisland.

Tydens die Eerste Wêreldoorlog het die geallieerde magte die Turke uit die gebied van Israel gedryf. Ná die oorlog ontvang Brittanje 'n mandaat om die gebied van Palestina tydelik te beheer. Vanaf 1917 steun die Britse owerheid die vestiging van 'n nasionale tuiste vir die Joodse volk deur middel van die bekende Balfour-deklarasie. Hierdie deklarasie was egter voorwaardelik. Die burgerlike en godsdienstige regte van die bestaande nie-Joodse gemeenskappe mag nie bedreig word nie.

Ná die Eerste Wêreldoorlog

Die invloei van Jode vanweë die vervolging in Rusland en die Oekraïne het weerstand by die Moslem inwoners in Palestina veroorsaak. 'n Eie politieke beweging is aan die gang gesit wat Palestynse nasionalisme heet. Die opstande het tot die groot revolusie van 1936-1939 gelei en dit het daartoe aanleiding gegee dat die Britte via die Peel-kommissie 'n skeiding (partisie) voorgestel het tussen 'n Joodse en Arabiese staat waarvolgens Israel net 20% van die verdeling wat in dispuut was, sou kry. Die Moslem-Arabiere het hierdie voorstel as kompromie gesien en dit verwerp. In 1939, met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, beperk die Britte toe die Joodse immigrasie na Palestina. Selfs nadat Hitler se gaskamers rugbaar word, het die Verenigde Koninkryk geweier om die beperking op te hef. Die Amerikaanse regering tree toe en help om 100 000 nuwe immigrante in die gebied te vestig. Hierop het die Britte hul mandaat oor Palestina opgegee en die kwessie aan die Verenigde Nasies (VN) oorgelaat. Wêreldwye simpatie vir 'n Joodse staat het baie toegeneem vanweë die vervolging en uitwissing van die Jode.

Op 15 Mei 1947 het die VN 'n spesiale kommissie (UNSCOP) vir Palestina geskep. Die meerderheid het voorgestel dat die land verdeel word in 'n Joodse en Arabiese staat met Jerusalem onder internasionale trusteeskap. Die minderheid het voorgestel dat daar 'n federale unie van Arabiere en Jode moet wees met Jerusalem as die hoofstad. Die Sioniste het die meerderheidsbesluit aanvaar, maar die Moslem-Arabiere het beide voorstelle verwerp, omdat hulle dit gesien het as net nog Europese kolonialisme om hulle grond te steel.

Op 14 Mei 1948 het die tyd van voogdyskap verstryk en die Joodse Raad het 'n proklamasie uitgevaardig wat die staat Israel amptelik uitgeroep het. Sedertdien ken die grondgebied erge en voortdurende konflik tot op hede. Die eerste oorlog het sommer net 'n dag ná die uitroep van die staat aangebreek. Israel het gewen.

Teenoorstaande sienings

Die bekende Joods-Amerikaanse omroeper en skrywer, Dennis Prager[2], is van mening dat die probleemstelling nie so ingewikkeld is nie. Dit gaan volgens hom basies daaroor dat die Moslem-Arabiere die Jode dood wens, terwyl die Jode net regverdige vrede wil hê en die Palestyne hulle eie gebied gun.

Die Palestyne se bewering van die grondgebied wat hulle al aan Israel moes afstaan (bron: http://www.aidvolunteers.org/palestinians/)

Die Palestyne weier gewoon om die staat Israel te erken. Daar word na bewering vandag onreg gepleeg teen ongeveer 7 miljoen nakomelinge. In 1967, tydens die bekende sesdaagse oorlog, het Egipte saamgespan met ander omliggende Arabiese lande om Israel te verwoes. Israel kon dit toe ook regkry om die aanslag af te weer. Kort hierna het die Arabiese liga 'n gesamentlike beraad in Soedan gehou wat uitgeloop het op die bekende drieslag-besluit: Geen erkenning, geen vrede, geen onderhandelinge.

Prager vra: Wat moet Israel doen? In 1978 het Israel selfs van sy gebied met olie, die Sinai-skiereiland, aan Egipte gegee. Die Palestynse gebied was egter steeds onder Israeli-beheer. Dit gee natuurlik 'n bepaalde geur aan spesifiek die Israel-Palestynse konflik. Daarby verhoog die spanning met Israeli's wat skynbaar vanaf die 1980's geleidelik aan die Wesbank intrek, veral die teenwoordigheid van Israeli-soldate, wat dit blykbaar vir Palestyne moeisaam en pynlik maak om daar te woon.

Die Gasa-strook, *Hamas* en die Wesbank

Boonop beweer die Palestyne dat die afsny van die Gasa-strook met die Wesbank dit onhaalbaar maak om 'n effektiewe staat te vestig. Die ekstremistiese Islamitiese weerstandsbeweging, *Hamas*, het intussen die plek van die Palestynse bevrydingsorganisasie (PBO/PLO) aan die Gasa-strook ingeneem en uiteindelik, ná 'n kort burgeroorlog, van die Palestynse owerheid geskei. Dit het weer tot gevolg dat Israel weier om volledige beheer aan die Palestyne te gee en die Gasa-strook onder sterk gereguleerde omstandighede dophou. Werkloosheid het blykbaar al tot 40% toegeneem.

Daarteenoor stel Prager dat Israel nog altyd bereid was om op dieselfde wyse met die Palestyne te onderhandel as vroeër met Egipte. Die voorwaarde is egter dat Israel as Joodse staat erken word en dat daar 'n ooreenkoms van vrede sal wees. In 2000 het Israel byvoorbeeld onderneem om aan die Palestyne 94% soewereiniteit aan die Wesbank en die hele Gasa-strook, tesame met Oos-Jerusalem as hoofstad, te gee, in ruil vir vrede. In 2005 verlaat Israel die Gasa-strook en gee die Palestyne daar beheer. In 2008 is selfs meer aangebied, maar ook hier is die aanbod onder leiding van Mahmoud Abbas geweier. Die boodskap van *Hamas*, die Moslem-Palestynse heersers van Gasa: "Ons het die dood lief, net soveel as wat die Jode die lewe liefhet (ter bereiking van ons doel)."

'n Lakmoestoets-vraag en ook 'n hartseer werklikheid

Daar is 22 Arabiese state wat strek vanaf die Indiese tot by die Atlantiese Oseaan. Daar bestaan slegs een Joodse staat te midde van hulle (skaars so groot soos die Kruger Wildtuin). Daarom argumenteer Prager vir 'n lakmoestoets-vraag om die situasie te beoordeel. Hy vra: Wat sou gebeur as Israel môre die wapens neerlê? Die waarskynlike antwoord is dat hulle uitgewis sal word. As jy ook vra: Wat sou gebeur indien die Arabiese state môre die wapen neerlê? Die ooglopende antwoord: vrede. Volgens Joodse perspektief was daar in daardie grondgebied nog nooit in die geskiedenis 'n spesifieke staat anders as Israel nie. Ook was daar nooit in staatsterme 'n nie-Joodse – 'n Arabiese of Palestynse

Vervolg op bl. 14

Bybels-teologiese nadenke oor die Jerusalem-konvent

Prof. Koos Adendorff

Die Jode het sendingwerk reeds lank vóór die sogenaamde "Christelike era" geken. Joodse Christene het hulself as deel van die Jodedom beskou; as 'n spesifieke groepering binne die Jodedom. 'n Belangrike voorwaarde vir die oorgang van nie-Jode tot die Joodse geloof was die besnydenis.

Krisis in die kerke

Die probleem vir baie in Jerusalem was dat Paulus mense tot die Christelike geloof toegelaat het sonder die eis tot besnydenis. Hierdie situasie het daartoe gelei dat *sommige persone wat van Judéa afgekom het* (Hand. 15:1a), na die gemeentes in Galasië vertrek het om hulle te leer: *As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie* (Hand. 15:1b). Hulle het dus geleef asof die Christus nie gekom het nie.

Die vergadering in Jerusalem

Daarmee is die groot saak aan die orde gestel: Is die afskaffing van Joodse gebruike vir nie-Joodse gelowiges geregverdig in die lig van die Bybel se geheelboodskap?

'n Warm debat het gevolg. Uiteindelik wys Petrus toe daarop dat die Heilige Gees uitgestort is op die onbesnede heidene net soos op die besnede Jode. Dit gaan dus nie oor die besnydenis nie, maar oor die geloof in Christus. Almal word deur die genade van Christus gered: Jood én nie-Jood (Hand. 15:7-11).

Jakobus het ook opgestaan en begin deur Petrus se getuienis op te som, waarin hy die klem op die Goddelike inisiatief laat val het:

> ***Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk* (Grieks: *laos*) *uit die heidene* (Grieks: *ethnē*) *vir sy Naam aan te neem* (Hand. 15:14).**

In die Ou Testament het die volk (Israel) teenoor die nasies (ander volkere) gestaan. Dit kom mooi in Deuteronómium 14:2 na vore[1]: *jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk (laos) te wees uit al die volke (ethnē) wat op die aarde is.*[2] Jakobus pas dus dit wat God in die Ou Testament vir Israel gesê het, ook op die gelowiges uit die volkere toe. God maak geen onderskeid tussen die gelowiges uit die Jodedom en dié uit die heidendom nie.[3]

Jakobus het voortgegaan om dit wat op Paulus-hulle se sendingreis gebeur het, in **openbarings- en heilshistoriese konteks** te plaas. Jakobus het in dié verband na Amos 9:11-12 verwys waar die HERE beloof het om *die vervalle hut van Dawid* weer op te rig. Die opbou van Dawid se vervalle hut (die Griekse woord kan ook as tent of tabernakel vertaal word), vind in die koms van Christus en die vorming van die Nuwe Testamentiese kerk, bestaande uit gelowige Jode en heidene, sy vervulling. Amos is egter nie die enigste profeet wat die inbring van heidene in die vooruitsig gestel het nie. Daar is boonop die breër verband van die belofte wat God reeds aan Abraham gegee het: *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word* (Gén. 12:3).

Jakobus se slotsom was dat die gelowige Jode dit nie vir die bekeerlinge uit die heidendom moeilik moet maak deur hulle met die Mosaïese wet te belas nie. Hy het 'n spesifieke voorstel op die tafel gelê, naamlik dat die bekeerlinge uit die heidendom beslis vier dinge verbied moet word: ... *dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed* (Hand. 15:20).

Die eerste twee voorskrifte het oor die eerste en sewende gebooie gehandel. Die ander twee hou verband met rituele handelinge. Jakobus vra in wese dat die Christene uit die heidendom totaal met die heidense afgodspraktyke sal breek. Bloed is byvoorbeeld gedrink as deel van heidense offerrituele.[4]

Op hierdie wyse groei sowel die Christene uit die Jodedom as diegene uit die heidendom tot 'n gesamentlike besluit. Onder die leiding van die Heilige Gees gee die lig van God se openbarings- en heilshistoriese ontvouing van sy ewige raad die deurslag.

Koersaanwysing vir die kerk

In die eerste plek mag die kerk van alle eeue leer dat regverdiging uit genade deur die geloof alleen is. Daarmee sê die Skrif duidelik vir ons: Beginnende in die paradys is daar net één evangelie: die goeie nuus wat sê dat ons gered word uit genade alleen, deur die geloof alleen, in Jesus Christus alleen (vgl. Gén. 3:15). Petrus en Paulus het albei die redding uit genade alleen beklemtoon, wat vir Jood én nie-Jood geld. Petrus het in sy toespraak gesê: *Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook* (Hand. 15:11). Paulus het in sy brief aan die Galásiërs geskryf:

> ***... ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus ...*** **(Gal. 2:16).**

Die tweede koersaanduider is dat die Godsvolk, die kerk van die Here Jesus Christus, volgens die belofte aan Abraham (Gén. 12:1-3; 17:4) uit gelowiges vanuit die Jodedom én die heidendom bestaan. In Christus is daar nie meer onderskeid tussen hulle nie en in Hom is hulle die één volk van God.

'n Derde belangrike aanwysing is dat die totale Mosaïese wetgewing slegs in Christus Jesus vir gelowiges geld. Die Ou Testamentiese wetgewing het bestaan met die oog op Christus en is met sy koms in Christus Jesus vervul. Ons leef nou onder die beter verbond in Christus (Jer. 31:31; Hebr. 7:22; 8:6). Die Ou Tetamentiese wette moet in die lig van sy koms en werk verstaan en verklaar word. Onderliggend aan die Mosaïese wette is daar beginsels wat in die lig van Christus se werk nuwe toepassings soek.

Die Jerusalem-konvent kom volgens Handeling 15 neer op die vraag of God se Gesalfde volgens sy belofte gekom het en gaan nie soseer daaroor of jy 'n Jood of nie-Jood is nie.

1 Volgens die Septuaginta, die Griekse vertaling van die Ou Testament

2 Bruce, F.F. 1988. The Book of the Acts. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co. Bl. 293

3 Van Eck, 2009. Handelingen: De wereld in het geding. Derde druk. Kampen: Kok.2009. Bl. 326

4 Vgl. Van Eck, 2009:327-329

Tuingraf

Stilword by die Tuingraf

Klaagmuur

By die suidelike trappe van die Klaagmuur

Ds. Maarten Dekker

By Násaret het die toer 'n besoek gebring aan die Negama-gemeente (Negama, Hebreeus vir 'Troos'). Ds. Maarten Dekker (58) dien daar as uitgestuurde van die Gereformeerde Gemeente Den Haag – Scheveningen, Nederland. Ds. Dekker is getroud met Marita. Hulle het twee seuns.

1. Wie is die mens Maarten Dekker?

Iemand wat 'n band met Suid-Afrika het. In 1979 het ek die voorreg gehad om my ouma in Suid-Afrika te besoek. My oom en tante woon in Randburg. Sedertdien boei julle land my: die geskiedenis, die taal Afrikaans en ons gemeenskaplike teologiese wortels. Julle voorvaders het ons 'ou skrywers' van die Nadere Reformasie in die wakis saamgeneem!

Ek het Teologie (met vakspesialisasie: Missiologie) aan die Universiteit van Leiden studeer. Eers het die Here my weg gebaan na Nigerië (1995) waar ek vir 8-jaar dosent aan die Nigeria Reformed Theological College was. Toe is ek geroep om as kerklike werker in Israel werksaam te wees.

2. Hoe het dit gebeur dat u in Israel begin werk het?

In Nigerië het ek 'n oproep uit Holland ontvang met die vraag om daarvoor aansoek te doen. Maar, ek het so van my werk in Afrika gehou dat ek dadelik oor die telefoon "Onmoontlik!" uitgeroep het. Op Kersdag moes ek die erediens op die dorp lei waar ons gewoon het. Tydens die preek het die nood van die Joodse volk, wat sonder kennis van die Messias leef, swaar op my hart kom lê. Ootmoedig moes ek skuldig die woord "onmoontlik" in die hande van die Here teruggee. In die koninkryk van God mag jy nooit "onmoontlik" vir evangeliediens sê nie (vgl. Lk. 1:37)!

3. U is onlangs tot predikant georden en bevestig. Watter verskil maak dit aan die dag-tot-dag werk om in die amp van missionêre bedienaar van die Woord bevestig te wees?

Nie soveel wat die dag-tot-dag take betref nie. Tog is vir die gemeente in Násaret (en ook vir my) 'n groot wens vervul om oor 'n eie predikant te mag beskik wat die sakramente in hulle eie taal mag bedien. Dit is 'n voorreg om in die volle bediening van Woord en sakrament te mag staan.

4. Is die landgebied van Israel 'n maklike of moeilike werksomgewing; hoekom sê u so?

Israel is 'n moeilike werksomgewing. Die land is verskeurd deur die konflik tussen twee broervolke: Die Jode en die Palestyne. Ons weet uit die Skrif dat die Jode die "bemindes ter wille van die vaders" is (Rom. 11:28). Daar is dus steeds 'n opdrag om ons oudste broer nie te vergeet nie. Allereers: *Bid om die vrede van Jerusalem* (Ps. 122). Daarby het ons ook die opdrag om uit te gaan en die blye boodskap van genade en verlossing uit sonde aan die Joodse volk te preek. 'n Mens word tog slegs deur die één Naam tot die saligheid gered. Ons kan nie deur die werke van die wet geregverdig word nie.

Buite die landgebied van Israel het mense dikwels die beeld dat die Palestyne Moslems en terroriste is. Onder die Palestynse

volk is daar egter ou Christelike gemeenskappe met (Joodse) wortels uit die na-apostoliese kerk. Reeds in die sesde eeu is hulle deur die Islam onder druk "ver-arabies". Hulle is weliswaar 'n klein minderheid, maar ons mag hulle nie vergeet nie. Trouens, ons het die plig om ook uit te gaan na die Moslems. Hulle leef vasgevang in 'n stelsel van haat. Ook hulle het die evangelie dringend nodig.

Die Here werk onder Jood en Palestyn. Steeds meer Jode word Messias-belydend. In die Palestynse gebiede is daar verskillende ondergrondse kerkies van gekerstende Moslems.

5. Hoe verskil sendingwerk in Afrika met die werk in Israel?

Maak nie 'n fout nie: Nigerië was ook maar nie so 'n maklike werksomgewing in diens van die evangelie nie, maar jy kon daar darem oral met die grootste vrymoedigheid die Bybel oopslaan, of jy nou op die markplein of in die geboue van die owerhede was. In Israel moet 'n mens versigtig te werk gaan. Om openlik te evangeliseer word nie toegestaan nie. Die haat teen die Christus van die Skrifte smeul steeds, maar tog: die Here werk!

6. Gegewe u ervaring, hoe omskryf u 'sendingwerk' op hierdie stadium van u lewe?

Vriendskappe is maar die weg om tot gemeente te kom en te groei. Jy nooi mense uit na jou huis en jy betoon oosterse gasvryheid deur 'n groot maaltyd voor te sit. Deur ure te kuier groei die vertroue om ook te wil luister na die evangelie. Daar het maar 'n klein huisgemeente in Násaret ontstaan. Dit is 'n brose plantjie. Die doel van die werk in God se koninkryk is altyd om jou as uitgestuurde oorbodig te maak. Dit is die verlange om, onder die werking en seën van die Here, eie plaaslike voorgangers te kry. Dit moet ons doel wees. Daar is op die oomblik twee plaaslike ouderlinge, 'n Jood afkomstig uit Suid-Amerika en 'n gekerstende Moslem uit Israel, en daar is 'n Joodse diaken, eweneens afkomstig uit Suid-Amerika.

7. Hoe funksioneer 'n gemeente waar die dag van die Here 'n gewone werksdag is?

Dit bly 'n moeilike onderwerp. Die Christelike manier is om die Opstandingsdag van ons Here te vier. Sonder twyfel. In Israel kom ons egter op die Joodse rusdag bymekaar. Dit kan nie anders nie. Vanweë die owerhede is dit die amptelike rusdag in Israel. Die hele samelewing en ekonomie is daarop gerig.

Die Jode het wel 'n ander dagindeling as ons. Ons dink nie eers daaroor na nie, maar hulle hou hulle aan die Bybelse dagindeling. Elke nuwe dag begin met sonsondergang en dus nie vroeg in die môre nie: *Dit was aand en dit was môre, die eerste dag* (Gén.1:5). Die gemeente kom dus aan die begin van die rusdag bymekaar, op Vrydagaande. Saterdagaande kom ons ook saam. Vir die Jode is dit al weer 'n nuwe dag, naamlik die Sondag. So probeer ons tog invulling gee aan Opstandingsdag. Sondagaande is wel buite die kwessie in Israel. Dit funksioneer as Israel se Maandae.

8. Watter raad het u vir mense wat geroepe voel om sendingwerk te doen?

Ag, ek bid so van harte dat jongmense geroep word vir sendingwerk. Toe ek aan Leiden Universiteit studeer het, was ek die enigste student ingeskryf vir Missiologie (Sendingwetenskappe). Die vakrigting was in my tyd nie populêr nie. Studente het slegs gedroom van 'n aktiewe gemeente met 'n mooi pastorie.

Volgens die Bybel was die Here Jesus egter beweeg met innerlike ontferming toe Hy al die mense gesien het wat so ronddwaal soos skape sonder 'n herder. Mag die gebed in Suid-Afrika tog veelal opklink: *Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur* (Mt. 9:38).

Die wonder van die bewaring van God se Woord

Prof. Gerrit Smit

Die woord "manuskrip" beteken letterlik "met die hand geskrywe". Voor die uitvinding van die boekdrukkuns deur Johannes Gutenberg in 1439, was alle boeke, ook Bybelse manuskripte, op hierdie manier gekopieer. Ons het nie die oorspronklike Bybelse manuskripte nie, maar deur die eeue het God se Woord op 'n wonderlike manier behoue gebly sodat ons vandag die voorreg het om van die oudste manuskripte van die Bybel te kan sien en bestudeer.

Drie baie besonderse plekke bied vir die Bybelstudent 'n nederige herinnering aan die proses van Bybelkopiëring, -bewaring en latere ontdekking, naamlik *Santa Katarina* in Egipte, diep in die hartjie van die Sinaï-woestyn, die gebied van *Qumran* by die Dooie See en die *Bewaarplek van die Boek* in Jerusalem.

St. Katarina, Sinaï

Aan die voet van die berg Horeb lê Santa Katarina, die plek waar die *Kodeks Sinaïticus*, een van die oudste volledige manuskripte van die Nuwe Testament, wat dateer uit die vierde eeu n.C. ontdek is. 'n Gedeelte van die oorspronklike manuskrip word vandag hier in die biblioteek bewaar. Die teks is een van die belangrikste in die Alexandrynse tekstradisie. Dit het die grondslag gelê vir die Griekse Nuwe Testament wat vandag wêreldwyd deur kerke gebruik word vir die vertaling van die Bybel.

Oudste oorlewende kopie van die teks van die Nuwe Testament deur Johannes Scholastikos (7de eeu n.C.) in die biblioteek van St. Katarina. Ons is baie dankbaar teenoor die personeel van die biblioteek wat ons, ná onderhandeling, toegelaat het om 'n foto te neem.

St. Katarina klooster in die Sinaïwoestyn

Die voltydse teologiese dosente van die APA in die biblioteek by St. Katarina

Khirbet-Qumran, Dooie See

In 1948 is Hebreeuse en Aramese manuskripte aan die westelike oewer van die Dooie See by Khirbet-Qumran ontdek. Die ontdekking van hierdie manuskripte was die rede vir groot opgewondenheid. Dit is een van die belangrikste vondse van Bybelse literatuur nóg. Die rolle was die handewerk van 'n Joodse groep wat vanaf die tweede eeu voor Christus tot die eerste eeu ná Christus as 'n afgeslote gemeenskap hier gewoon het. Die term "Qumranrolle" of "Dooie Seerolle" verwys na die versameling manuskripte wat hier ontdek is. Kopieë van al die boeke van die Ou Testament, met die uitsondering van Ester, is hier ontdek. Dié manuskripte is vandag die oudste kopieë van die Ou Testament wat ons tot ons beskikking het. Deur sy genade het God hierdie manuskripte vir eeue laat bewaar sodat ons dit vandag mag lees.



'n Voorstelling van een van die Dooie Seerolle in die museum by Khirbet-Qumran

Die bewaarplek van die Boek, Israelmuseum, Jerusalem.

Die "Shrine of the Book" oftewel "Bewaarplek van die Boek" huisves sewe van die oorspronklike manuskripte van Qumran. Die plek is egter meer bekend as die bewaarplek van die *Kodeks Aleppo*. Dié manuskrip is, naas die Qumranmanuskripte, die oudste teks van die Hebreeuse Ou Testament wat vir ons behoue gebly het. Die koepel van die museum is in die vorm van 'n antieke kleipot waarin manuskripte destyds bewaar is (kyk foto).

Qumran grot 4. 90% van die Dooie Seerolle is in hierdie grot ontdek

Samevatting

Die Bybel is 'n wonderlike Boek en die geskiedenis daarvan vertel vir ons van God se beskikking om vir sy kerk sy geïnspireerde Woord te gee. Deur die antieke Bybelse manuskripte word ons herinner hoe God sy Woord deur die geslagte bewaar het ten spyte van die bose wat die lig van God se Woord wil verduister.

Die buitekant van die "Bewaarplek van die Boek". Die wit koepeldak teenoor die swart muur simboliseer die stryd om die lig van die Woord te bewaar te midde van die duisternis.

Christine – Beste hotelle, lekker kos – "Kospotte van Egipte". Hoogtepunte? Daar is te veel! Ek sal vir seker nooit weer met dieselfde oë na die Woord kyk nie.

Emile – In die stad waar die Here Jesus grootgeword het, is die meerderheid mense nou Moslems. *Kan daar uit Násaret iets goed wees?*, wonder ek ... Azmi, ons busbestuurder is toe al die tyd 'n Christen van Násaret. In Násaret Village verras 'n Arabiese Christen ons met haar vertelling. Boonop bedien ds. Maarten Dekker in Násaret die evangelie. Die toer het my ook geleer om waar te neem wat God vandag nog alles rondom ons doen. Inderdaad vele dinge op onwaarskynlike plekke!

Hané-Marie – Ek was die heeltyd verwonderd. Dit was 'n belewenis waaroor ek innig dankbaar is dat dit my beskore was. In Egipte is alles *groot*! Die hiërogliewe op die bergagtige tempelmure, die piramides, standbeelde, grafkelders en die Nyl, alles is ontsagwekkend. Die heuwelbesaaide Galiléa is vol boorde, wingerde en lande. Daar is ook plantasies en talle ruïnes.

Oom Hennie van Bethlehem, O.V.S. – Uitstekend beplan, wonderlike ervaring. Sterk band met toergenote – saam bid, stap, sing, Bybellees. Opsommend: Uiters verrykende geestelike ervaring waardeur ons kon sien, ervaar, beter verstaan en ons geloof oneindig versterk is. Israel voldoen aan jou hoogste verwagtinge. Kapérnaüm, Násaret – belewenisse! Absolute hoogtepunt in Jerusalem: *Via Dolorosa*, Gólgota, Tuingraf.

Henriëtte – As ek nou die Bybel lees, word alles soveel lewendiger, omdat ek met my eie oë gesien en beleef het. "Die Heer, die Heer het opgestaan!" (Ges. 213). Wat 'n voorreg was dit nie om in die voetspore van my Verlosser, Jesus Christus, te loop nie. Ek het die Here so tasbaar ervaar dat my hart oorloop van vreugde en dankbaarheid en ek wil Hom gedurigdeur net loof en prys.

Vervolg vanaf bl. 7

Notas oor die moderne staat van Israel

of Moslemstaat nie. Daarom die vraag: Waarom mag hierdie een Joodse staat wat so 'n klein gebied beslaan, nie toegelaat word om te bestaan nie?

Die antwoord van die teenparty is eenvoudig: "Onreg!" Die grondgebied is immers nou al vir vele eeue Arabiese en Moslemgebied. Die grondkwessie verduidelik waarom sekere groepe in Suid-Afrika hulself met die Palestyne identifiseer.

Nog 'n gevoeligheid is die bekende Al-Aqsa Moskee met sy bekende koepel in Jerusalem. Opgerig waar die tweede groot tempel gestaan het in die tyd van Herodes die Grote, is hierdie Moskee die derde belangrikste heiligdom vir Islam. Vir Moslem-Palestyne verseël hierdie simbool hulle eienaarskap, al val die hele omringende Jerusalem onder Israeli-beheer. Daarenteen leef daar weer by Joodse Israeli's die droom om 'n derde tempel met gepaardgaande brandoffers te herstel op die plek waar die Moskee tans staan. Die gevolg is dat die hele gebied hoogs sensitief en ontvlambaar vir Israeli-Palestynse/Arabiese/Moslem konflik is.

Slotwoord

Vir Christus-gelowiges wat die woorde ernstig opneem dat daar 'n tyd sou aanbreek dat die ware aanbidders God oral in Gees en in waarheid aanbid, relativeer die hele konflik (Joh. 4:21-26). In Christus word die hele wêreld mos ingesluit as sý grondgebied. Die hele omgewing het nood aan die evangelie, moet dissipels gemaak en in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop word, terwyl hulle moet leer om alles te onderhou wat Christus Jesus beveel het (vgl. Jes. 19:19-25; Mt. 28:18-20; Hand. 1:8). Dit is die enigste uitsig met 'n ware oplossing en blywende vrede.

1 Joe Carter help met eerste insigte om hedendaagse 'Israel' in fokus te kry. Carter, J. *9 Things You Should Know About the Creation of Modern Israel*, by http://bit.ly/2sGhutd

2 YouTube: *The Middel East Problem?; Why is there a Palestinian State?; The Israel-Palestine conflict: A brief, simple history.*

Dominee: ’n Besoek aan die Bybellande voeg waarde toe

Dr. CF Meiring

Ná ons besoek aan Egipte en Israel, is daar aan my gevra of so ’n ervaring ’n invloed op die prediking het. Die antwoord is ’n baie besliste “ja”!

Vooropgestelde idees

Dit gebeur dikwels dat mense ’n vooropgestelde idee van iets of iemand het. Dink byvoorbeeld aan ’n eerste telefoongesprek, hoedat daar spontaan in ’n mens se gedagte ’n beeld van die ander persoon gevorm word. Later, wanneer jy hierdie persoon in lewende lywe ontmoet, verskil die beeld wat jy van die persoon in jou gedagtes gevorm het, hemelsbreed van die werklikheid. Die stem is dieselfde, maar die res is dikwels baie anders.

Israel

Iets soortgelyk gebeur met ’n vooropgestelde idee van, byvoorbeeld, die plekke waar die Here Jesus en sy dissipels rondgegaan het. Die Skrif sê by die eerste vers van die bergpredikasie dat Hy *op die berg geklim* het (Matthéüs 5:1). Die gedagtebeeld wat uit hierdie teks mag ontstaan, kan ’n voorstelling van berge in die Boland of van die Drakensberge naby Harrismith wees, wat nie die werklikheid van Matthéüs 5 weerspieël nie.

So kan berg en vallei in terme van Olyfberg en Kedronvallei nie vergelyk word met berge rondom die Hexriviervallei nie, want die skaal is heelwat kleiner. Dit sou 10-20 minute neem (afhangend van hoe vinnig ’n mens stap) om van die Olyfberg deur die Kedron tot by die Tempelberg te stap. Die Here Jesus en die dissipels het waarskynlik minder as twee kilometer gehad om te loop nadat hulle uit die bovertrek is, deur die Kedronspruit (Joh. 18:1), tot in die Tuin van Getsémané (Mk. 14:12-26). Ons het ook die Tuingraf of “Garden of the Tomb” (vgl. Joh. 19:41) besoek, wat deur sommige Protestante as die plek van die hoofskedel (Mt. 27:33) beskou word. Daar naby is ook ’n uitgekapte graf gevind en wanneer ’n mens self by die ingang van die graf staan, verstaan jy beter waarom Johannes neergebuk het om in die graf te kyk en doeke sien lê het (Joh. 20:5).

Egipte

’n Soortgelyke voorbeeld is dié uit Egipte. Die “grootsheid” van Exodus 7 word eers ’n werklikheid wanneer jy langs die Nyl of in die Nyldelta staan en besef: Al hierdie water was bloed. ’n Mens staan ook verstom as jy sien en besef wat die volk alles moes deurmaak met die reis deur die woestyn op pad na die beloofde land: kilometer op kilometer net klipwoestyn – nie ’n enkele groen spruit nie. Dan besef jy opnuut weer die grootsheid van God se wonderdade.

Waarde

’n Besoek aan die Bybellande voeg dus waarde toe op meer as een vlak. Dit verbreed veral jou persoonlike perspektief wat beslis weer ’n invloed op die prediking het. Uiteindelik kan die hele kerkverband, deur genade, hieruit voordeel trek. Daar kan op trant van die Johannes-evangelie gesê word *daar is nog baie ander dinge wat hier beskrywe* (vgl. Joh. 21:25) kan word maar ongelukkig is die bladsye van hierdie tydskrif te min daarvoor.

MY BELEWENIS VAN DIE TOER

Theuns – Die geleentheid wat vir my die meeste uitgestaan het, was die Sabbatsdiens, gelei deur ds. Maarten Dekker. Daar het ek weer opnuut ervaar wat dit beteken om ware kerk van Christus te wees te midde van al die teenkanting en vervolging van ons tyd. Graag betuig ek dank aan ons hemelse Vader vir die kosbare geleentheid wat Hy aan ons geskenk het om die toer mee te maak.

Vir briewe om in *Die Boodskapper* geplaas te word, moet dit asseblief nie langer as 700 woorde wees nie.

Wanneer is die kalf in die put?

Ons is vinnig om ander se doen en late, veral die laaste tyd ook baie ander kerkverbande, te oordeel waar hulle nie volgens die Woord van God leef nie en die Woord aanpas soos dit hulle pas. Maar hoe lyk dit voor ons eie deur?

Dit breek my hart om te sien hoe ons Christene na hartelus net maak soos ons wil op 'n Sondag. Wat het geword van:

... maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie (Ex. 20:10)?

Of sal ons ook net sê dit is outyds, tye het verander, dit is nie meer van toepassing nie? Dan kan daar mos ook gesê word dat die res van die Bybel waaraan ons so vashou (wat ons staande hou), ook nie meer van toepassing is nie? Of is die verbod op moord pleeg, diefstal, eer jou ouers, ook dan outyds en nie meer van toepassing nie?

Verdraai ons nie ook maar die Woord en besluit self wat is nog in vandag se tyd op ons van toepassing (soos dit ons pas) nie?

Die Wet is nie onredelik nie. Die Here Jesus het ook siekes gesond gemaak op 'n Sondag. Hy het egter gesê:

Watter mens sal daar onder julle wees wat een skaap het, en as dit op die sabbat in 'n sloot val, dit nie sal gryp en uithaal nie? Hoeveel meer is 'n mens dan nie werd as 'n skaap nie! So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen (Mt. 12:11-12).

Na aanleiding van Lukas 14:5b het die oumense altyd gesê: *As die kalf in die put is ...*

Is die kalf dan werklik in die put wanneer ons op 'n Sondag gaan roomys eet of koffie drink? Is die kalf in die put as 'n mens Sondag gaan middagete eet by 'n restaurant, want hierdie Sondag is mos 'n spesiale geleentheid (verjaarsdag of wat ook al die rede is)?

Is die kalf in die put as jy die Sondagkoerant gaan koop? Wat van om te leer op 'n Sondag, want Maandag word daar eksamen geskryf? Of by die gimnasium te gaan oefen omdat daar net nie tyd was die week nie, en gelukkig is die geriewe oop op Sondae. So kan 'n mens tot jou motor op 'n Sondag koop of verkoop ...

Ja, dit kos beplanning en aanpassing om nie op Sondae inkopies te doen of te leer nie. Dit is nie lekker om op 'n Saterdagaand te leer omdat Sondae nie daarvoor bedoel is nie. Dit verg moeite en beplanning om vir die langpad vooraf koeldrank en eetgoed vir Sondag se ritte aan te skaf.

Niemand van ons kan die Wet volkome onderhou nie, maar uit dankbaarheid kan ons alles in ons vermoë doen om te probeer reg lewe volgens God se Woord. Is dit nie egter wat Hy van ons verwag nie?

Wat verwag Hy van ons ten opsigte van die dele van die Wet waar dit eintlik vir ons moontlik is om te gehoorsaam, maar dalk net ongerieflik is om dit te doen?

Soms kort dit net bietjie beplanning, ander kere moet ons ongelukkig nee sê vir vriende en "uitmis" om so God se Woord te onderhou.

As ons net lewe soos ons wil en uitkies wat in die wet op ons van toepassing is en wat nie, maak ons nie dan die Here se genade goedkoop nie?

Moet ons nie volgende keer eers voor ons eie deur skoonvee voordat ons weer ander mense en ander kerkverbande se besluite oordeel nie? Want sien, kies ons nie ook maar sekere gedeeltes wat in die Bybel op ons van toepassing is vandag en ander wat nie op ons van toepassing is nie?

Kom ons help eerder mekaar en moedig mekaar aan om volgens God se woord te leef, sonder om dele mis te lees omdat dit ons nie pas nie.

Ilze Venter
(AP Kerk Pretoria-Oos)

Vredeliewende Moslems en die ongeregverdigde kruistogte?

Ds. Johan Schütte

Dit is moontlik om vir 11 dae lank slegs op die voetspoor van die kruistogte deur die landgebied van Israel te toer.[1] MAAR, net soos wat polities-korrektes dit tot skande reken om enige iets positief oor die Afrikaner of apartheid te sê, word die kruistogte dikwels ook beskou as 'n skandvlek op die Christendom se geskiedenis.

Bloeddorstig

Dit lyk asof min mense besef dat die kruistogte ontstaan het om onskuldige Christene teen uitwissing te beskerm. Blykbaar is Moslems "vredeliewende" mense wat sonder oorsaak deur magsugtige Christene vanuit die Weste aangeval is en as 't ware gedwing is om met geweld teen Christene op te tree. Diegene wat so reken, verswyg gerieflikheidshalwe dat Islam deur geweld versprei. Dit het gelei tot barbaarse optrede deur Moslemsoldate wat tussen 700-1500 n.C. Christene, veral in Spanje, Portugal en Frankryk, bloeddorstig uitgemoor het. Moslems begin godsdienstige oorloë omdat dit ten volle rym met die wispelturige en wraaksugtige aard van hulle afgod, Allah.

Córdoba

Teen die jaar 850 n.C. het die Moslem indringers reeds 'n stewige voet in Spanje verkry. Hul magsetel was in Córdoba. 'n Grootskaalse veldtog is toe van stapel gestuur om Christene in Portugal en Spanje hul geloof te laat prysgee en om die Islamitiese geloof onder dwang aan te neem. Die veldtog se sukses was egter beperk tot die armes wat nie die belasting kon betaal nie en wat in vrees geleef het vir die moontlikheid dat hulle kinders as seksslawe verkoop sou word.

Dwang

Kerkleiers het teen die einde van 852 'n konsilie in Córdoba gehou waarin die gestorwe martelare herdenk is. Ook is daar 'n beroep op gelowiges gedoen om nie in enige konfrontasie betrokke te raak wat hulle hul lewens kon kos nie. Toe vyf prominente Christene in Junie 853 hulle geloof in Christus bely het, was dit vir die nuwe Emir net te veel. Hy het gedreig om al die Christenmans te vermoor en die vrouens as prostitute te verkoop. Hy het nie sy dreigement uitgevoer nie, maar alle Christene in die staatsdiens ontslaan, nog meer belasting van Christene geëis, kerke saam met kloosters en skole vernietig, terwyl 'n grootskaalse veldtog van gedwonge bekering tot Islam gevolg het. Vir 400 jaar was gelowiges hieraan uitgelewer voordat kerkleiers besef het dat die Moslems nie tevrede is met die Christene se grond en rykdom nie, maar dat dit eintlik 'n stryd teen die koninkryk van God is.

Slawerny, belasting en die doodstraf

Met die aanvang van die kruistogte in 1099 n.C. het die Moslem-magte reeds duisende Christene regoor Noord-Afrika, die Midde-Ooste, Spanje, Portugal, Frankryk en Italië vermoor. Van die eertydse Christelike wêreld is 90% ingeval en gewelddadig verower. Onder die juk van hul "vredeliewende" Moslemheersers, is Christene nie net verkrag nie, maar word hulle in dié tyd gedwing om slawe te wees, om uitbuitende belasting genaamd *jizya* te betaal, om die nuwe "vredeliewende" afgodsdiens te aanvaar of om summier die doodstraf te kry. Dit alles bloot omdat hulle Christene in 'n voorheen Christelike land was wat nou deur Moslems met geweld oorgeneem is.

Antwoord op 'n noodkreet

Ja, ons kan oor baie aspekte van die kruistogte kritiek lewer. Doen dit dan net op grond van werklike feite en nie met die liberaliste se skewe bril op nie. Toe die oproep uiteindelik deur die Oosterse Kerk in Konstantinopel kom met die versoek dat die Westerse Christene hulle teen die Moslem-inval wat hulle bedreig het moet kom help, kon die Westerse gelowiges nie net toekyk hoe die gruwelike geweld van die afgelope 400 jaar oor die laaste Christelike vestings spoel nie. Die bloed van martelare soos die in Córdoba het hulle aangespoor om te help.

1 http://bit.ly/2sanJVT

Méér as net boeke-kennis

Ds. Jan Brink en Lourens du Preez

Land van melk en heuning, hier kom ek al weer! Die eerste vraag wat mense vir jou vra is: Hoekom wil jy weer Israel toe gaan? Is daar regtig nóg iets om te sien?

Ds. Jan Brink se indrukke na 'n tweede besoek

Ds. Jan Brink het aan die einde van 2017 afstudeer, is op 28 Januarie 2018 gelegitimeer en het die beroep na AP Kerk Outjo/Grootfontein aanvaar. Ná ruim 18 maande in die bediening skryf hy oor sy tweede besoek:

> In 2012, as eerstejaarstudent, het ek die voorreg gehad om saam met die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) na Israel te kon toer. Dit was 'n belewenis. In 2019 het ek weer die voorreg gehad om saam met die APA te toer. **En dit was waarlik 'n belewenis!**

Bybelstudent

Ons leef duisende jare ná die mense van die Bybel, tog verbeter dit jou uitkyk op hulle omstandighede as jy hulle voetspore deur die Sinai-woestyn volg. Al het hulle geloop en ons met 'n bus gery, is jou verstaan van daardie geskiedenis net soveel beter as jy self in daardie woestyn gesweet en die son op jou vel voel brand het.

Die toer was met 'n tema saamgestel om spesifiek in die voetspore van die Israeliete die roete van die uittog, van Egipte tot by die land van melk en heuning, te volg. As jong predikant is ek graag 'n Bybelstudent. Die bestudering van daardie omgewing en geografie het 'n baie groot invloed op 'n mens se verstaan van die Bybel. Die professore se insigte tydens die toer het ook gehelp om die uniekheid van die plek, die manier waar en waarop die HERE sy Woord aan sy kinders gebring het, beter te verstaan.

Onvergeetlike indrukke

Die mengsel van emosie en adrenalien wat deur jou are pomp kan nie in woorde vasgevat word as jy in die tuin van Getsémané staan, teen die hange van die Olyfberg, en na die ou-stad Jerusalem staar nie. Om op die tempelplein waar die tempel van God eens gestaan het, rond te loop en te besef Jerusalem is omring met berge, gee 'n totaal beter verstaan van Ps. 125:2: *Rondom Jerusalem is berge; so is die HERE rondom sy volk ...*

Ek sal DV graag wéér wil saamgaan, want om God se Woord te bestudeer, is regtig méér as net boekekennis.

Indrukke van Lourens du Preez na 'n eerste besoek

'n Mens kan na foto's en video's van visvang, roei en valskermspring kyk. Tog sal almal vir jou sê: die werklike ervaring is 'n duisend maal beter! Tydens my eerste besoek aan Egipte en Israel het die foto's en video's werklikheid geword. Dit was inderdaad méér as net boekekennis oor die Bybel. Lourens du Preez studeer steeds by die AP Akademie. Hy is besig met die finale jaar (BTh 3). Hy som die besoek in drie woorde op: uitdagend, bevestigend en versterkend.

Uitdagend

Een ervaring wat my sekerlik altyd sal bybly, is die gevoel van ongeloof op die oewers van die Nyl. Ons het vroeg-oggend in Egipte geland en reeds word my geloof uitgedaag met die massa water wat verby ons vloei. Was al hierdie water werklik bloed? Om te lees van water wat in bloed verander, is heel anders as om die massa water te sien wat bloed kon wees!

Bevestigend

Die woorde van byvoorbeeld Markus 9:24 skiet in jou binneste op: *Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!* Dan kyk 'n mens by die twyfel verby en sien alles wat in die Bybel staan. Die puinhoop van Jérigo, die velde van Betlehem. Treffend ontvou die verlossingsgeskiedenis voor

jou oë. Násaret, Kapérnaüm, Getsémané en Gólgota. Dit is nie meer net woorde waarmee die boeke aan jou die Bybel probeer verduidelik nie! Alles word indrukwekkend bevestig.

Versterkend

Bo-op die kruin van Sinai besef jy jou nietigheid voor God, maar later by die tuingraf besef jy opnuut hoe lief God die wêreld en óók vir jou het. Terwyl jy rustig wandel tussen bome en blomme, sien jy die graf uitgekap in die rotswand. Leeg! Die steen is weggerol. Markus 16:4 was nog nooit so duidelik nie, die graf is leeg en die Here Jesus Christus leef!

By die Karnak-tempel (Luxor)

By die piramides

By die tabernakel

MY BELEWENIS VAN DIE TOER

Ilze – By Mara het ek my eie reaksie op die boodskap wat ons daar gekry het, nie verwag nie. Ek was emosioneel oor die volk wat nie die bitter water wou drink nie, omdat hulle onvergenoeg was. Hoe ondankbaar en ongelowig! NA ALLES wat net voor dit met hulle gebeur het. Ek het dadelik gedink: Staan ons nie dalk ook in ons lewe – vol opstandigheid – voor die put met die bitter water nie?

Lambert – Vir my was dit 'n voorreg om my longe met Bybelse suurstof te vul. My voete het geloop op die woestynagtige Egiptiese aarde, waar sandkorreltjies tot majestueuse ryke omvorm is. Ek kon my oë opslaan na die berge van Jerusalem. Ek kon wees waar onse Here Jesus Christus vir ons sondes vasgespyker was. By die tuingraf het my hele wese in verwondering gegaan oor die besef: Die graf is sowaar leeg!

Leonora – My kennis van die Bybelse tyd en omstandighede is verdiep. My denke is ook vernuwe oor ons huidige tydsomstandighede. In die twee lande met min Christene, het drie Christen-beheerde plekke vir my uitgestaan, naamlik: (1) Násaret "Village" (www.nazarethvillage.com), (2) die Tuingraf (www.gardentomb.com) en (3) die Ashoop-kerk (www.samaanchurch.com). Ons kan regtig veel meer vir Christene in die Midde-Ooste bid. Wat ook 'n verskil gemaak het, was die betroubare en grondige kennis van die professore, asook die toerlede en dit boonop in jou eie moedertaal!

Marina – Dit was 'n ongelooflike voorreg om saam met die professore van die APA deur die geskiedenis van die Bybel te reis – daar was beslis nie 'n gebrek aan kennis nie. My persoonlike geestelike hoogtepunte was die besoek aan Mara waar ons 'n baie besonderse boodskap oor "bitterheid" ontvang het; en ook die bootvaart op die see van Galiléa ... terwyl ons toe-oë na die "Onse Vader" luister, was dit asof 'nmens die teenwoordigheid van Jesus self kon voel ... AANGRYPEND! *Soli Deo Gloria.*

MY BELEWENIS VAN DIE TOER

Herman – Wat beslis vir my uitgestaan het, was die samekoms. Soos mense uit verskillende rigtings optrek na Jerusalem, so het ons groepie uit verskillende gebiede bymekaargekom. Die mooi was om die liefde van God en die werking van die Heilige Gees te ervaar; hoe almal van ons vinnig 'n familie geword het. Dit laat 'n mens besef hoe groot die behoefte is, nie net as gemeentelede nie, maar ook as bedienaars van die Woord, om bymekaar te kom, mekaar te geniet en te ondersteun.

BRIEWE

Dankie vir méér as net 'n "boks"

Ons gesin het ons "Boks vir 'n Boervrou" (ons is geseën met meer as een) oopgemaak en ek wens julle kon die vreugde, die bederf, die dankbaarheid, die hoop, die gevoel dat jy nie soveel goedheid verdien nie en natuurlik die lag, maar ook die trane van dankbaarheid vir vroueharte en -hande wat oop was om vir ons sulke wonderlike bederfpakkies te stuur, beleef. Ons opregte dank aan die SKK se noodfonds se skenking van mielies vir die AP Kerk Upington se boere en elke ander persoon se gebede en bydraes. Daar is nie genoeg woorde om vir alles dankie te sê nie.

Vanmôre is ons gesin: Ek, my man en ons twee dogters se harte, gedagtes en gesprekke vol van dankbaarheid en hoop. Ek sien hoe my man se oë vol trane word (hy is 'n boer en hulle huil nie sommer nie) van waardering om te besef dat daar nog so baie mense is wat omgee. Sy boerehart is gevul met hoop. Mense wat 'n sjokolade, pakkie koekies, seep, room, ensovoorts (wat sy dalk nooit eers vir haarself sou koop nie, want dit is te duur om vir haar eie kind te koop), vir 'n vreemde vrou koop wat sy nie eers ken nie ... Julle sal nooit kan besef hoe baie dit vir ons beteken nie.

Ek is 'n boervrou gebore; dit is in my bloed, dit is wie ek is en wie ek graag sal wil bly tot my laaste dag in ons pragtige Suid-Afrika met sy wonderlike mense, as dit die Here se wil is. Ek kan nie iets anders wees of doen nie en daar is baie van ons. Ons beleef goeie jare en minder goeie jare soos hierdie, maar ons byt vas en druk deur en vertrou dat God sal voorsien, want dit is ons liefde, ons bestaan, ons brood en botter. Ons sal aanhou tot die laaste, want ons kan nie anders nie. Ek maak nie van ons plaas 'n afgod nie, maar dit is ons lewe, ons vryheid; vryheid om vir die kerk ons tiende te gee, ander mense in nood te help en organisasies te ondersteun wat donasies benodig en dan laat sak jy jou kop in skaamte, want die Vader se genade is so groot. Jy ontvang meer as wat jy ooit kan gee, o.m. mielies, voer, wonderlike bederfboksies en die warm, trotse gevoel en trane as jy 'n konvooi vragmotors op die pad teëkom, gevul met voerskenkings van jou mense wat omgee en daar is vir jou in baie moeilike tye.

Die *Boks vir 'n Boervrou*-projek het ons laat besef ons kan; ons moenie moedeloos word nie. As ons saamstaan en die knie voor God Almagtig buig, sal Hy op sy tyd en volgens sy wil uitkoms gee, want Hy belowe in sy Woord Hy sal ons nie begewe of verlaat nie. Ons kan van sy wonderlike voorsiening getuig, want ek en my dogters wat saam met ons boer, het elkeen bokse gekry wat persoonlik vir ons baie beteken het, gevul met die eetgoed en bederfies waarvan ons elkeen persoonlik hou en wat by elkeen van ons se belangstellings pas. Dit is 'n wonderwerk, want hoe anders kan uit duisende bokse die perfekte boksie by elke persoon uitkom as slegs deur God se genade en deur die leiding van die Heilige Gees? Dit is absoluut fantasties. Aan God al die eer.

Ons sê dankie, en nogmaals dankie en nog steeds kan dit nie die dankbaarheid, verwondering en hoop in ons harte beskryf nie. Baie dankie vir alles, elke gebed, boks, voer en meer, maar weet asseblief dat wanneer ons die lekker of die koekie eet of die lekkerruik-room aan ons hande smeer, ons vir jou bid, omgee-vriendin; ons bid die Here se rykste seën oor jou en jou gesin; ons bid dat Hy jou weste- en suidewinde in 'n reënbringende noordewind sal verander en jou sal bewaar en krag gee vir jou eie uitdagings. Wanneer ons die voer wat geskenk is, uitgooi, weet asseblief, omgee-vriend en -vriendin, ons bid dat die Here sy skure mildelik vir jou behoeftes sal oopmaak en jou oorvloedig sal seën met alles wat jy nodig het. Mag Hy sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. Duisend dankies!

Is jy waarlik ’n Israeliet?

Skynbaar word DNS-toetse deesdae ook gebruik om vas te stel of iemand werklik, dit wil sê *geneties*, van Joodse afstamming is. Hoewel daar verskillende soorte Jode is, soos Ashkenazim, Sefardim, Bene, Beta, Maghrebi, Mizrahi en nog ander, is dit veral Russiese Jode wat moeite ervaar. So gons dit ná uitsprake deur die Rabbynse Hooggeregshof in Israel. Huweliksluiting is in Israel ’n godsdienstige en nie ’n staatsaangeleentheid nie. Jode word nie toegelaat om met Moslems of Christene te trou nie. ’n Kontroversiële besluit wil DNS-toetse vereis om Joodse afstamming vas te stel, voordat huwelike mag plaasvind.

Terwyl hierdie uitspraak nog net in verhouding tot die godsdienstige lewe geld, het dit reeds breër rimpelings verkry. Die regering van president Netanyahu het dit in 2019 reggekry om skerpsinnig ’n wet oor selfbeskikking te proklameer wat daardie reg in die landgebied van Israel kodifiseer as ’n reg “uniek tot die Joodse volk”.

Die bekende gedagte van die apostel Paulus in Romeine 9:6 – *Hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie* – is vandag meer aktueel as ooit voorheen. Waar hy dit egter bedoel het in terme van die geloof van Abraham, trek die Rabbyne van ons tyd hierdie lyn nogmaals in terme van bloed en afstamming. Sommige meen dan ook dat hierin ’n donker ironie deurskemer. “Dit voel asof die Nazi’s miskien die Tweede Wêreldoorlog verloor het, maar hulle ideologie het tot in die murg en wese van die Joodse volk inslag gevind.”

Tussen hakies: Dit is opvallend hoe hiper-moderne tegnologie ingespan word om ’n antieke identiteit te bevestig. Dit blyk ook teenstrydig met die populêre gedagte dat Ortodoksie verkramp vashou aan uitgediende gedagtes, dat diesulkes nuwe idees met afsku bejeën. Hoe dit ook al sy, DNS-toetse is brandend aktueel om Joodse afstamming te bevestig.

Vir die Israel-dwaling oftewel die Anglo-Saksiese tien stamme Israel-godsdiens hier in Suid-Afrika, skep so ’n verwikkeling natuurlik ook nuwe uitdagings. Bybel-knoeiery maak dus nog nie van jou ’n Israeliet nie. Net so maak welluidende drogredenasies eweneens jou nie tot Israeliet nie. Die “wit” oftewel “blanke god” wat jy aanbid, is ’n Anglo-Saksiese skepping, wat uit Groot Brittanje na Suid-Afrika oorgewaai het.

Soos by die Jode hang daar oor die Boere-Afrikaner ’n eie donker ironie. Vrees vir verbastering maak van kolonialistiese verbastering gebruik om die wortel van ons volksbestaan (naamlik die gereformeerde geloof) te verruil vir dwaasheid en dwaling.

Wie egter in die landgebied van Israel kom met die rassistiese spekulasie van die verlore tien stamme van Israel, word by die intrap gekonfronteer met die bestaan van die eeue-oue Samaritane, plus swart (veral Etiopiese) Jode. Daarby konfronteer die Rabbynse Sanhedrin jou met jou eie spel. Hulle dring aan op DNS-toetse. Naas die getuienis oor jou familiegeskiedenis, geslagsregisters en lojaliteit aan die Judaïsme, kan enige jan-rap-en-sy-maat nie meer aanspraak maak op “Joodsheid” nie. Nie jou velkleur nie, maar wie jou voorouers daadwerklik was, maak die groot verskil.

Die Wet op Terugkeer (van 1950) moedig Israeli’s uit die verstrooiing aan om hulle weer in Israel te vestig. Vanaf 1970 moet jy egter ’n gebore Jood volgens ortodokse interpretasie wees om onder die Wet op Terugkeer jou in Israel te kan vestig. Jy moet dus ’n Joodse moeder of grootmoeder aan jou ma se kant hê en/of jy moet ’n Joodse erfenis hê met ’n Joodse vader of oupa. Jode, met lojaliteit aan ’n ander godsdiens, mag nie in Israel hervestig onder die Wet op Terugkeer nie. ’n Mens word wel as bekeerling toegelaat wat amptelik tot die Judaïsme oorgegaan het. Die Rabbynse besluit van 2017 wil nou die verdere eis: DNS-bewys.

Bybelwoordblok: Die pad van die spioene – Jos. 2: 1-24



Leidrade

DWARS

2. Familie (2:13)
6. Roete (2:22)
8. Koning (2:10)
9. Neerlaat (2:15)
11. Spioene (2:1)
14. Kind (2:1)
16. Tou (2:15)
17. Verlos (2:13)
19. Weldaad (2:12)
20. 'n Getal (2:1)
22. Deel daarvan gemaak (2:15)
25. Vang (2:5)
27. 'n Volk (2:2)
31. In nagure (2:2)
32. Nun se seun (2:1)
34. Landstreek (2:10)
36. Om te rus (2:1)
40. Hoervrou (2:3)
41. Wegkwyn (2:10)
42. Sy steek die spioene weg (2:4)
43. Wegkruip-plek (2:16)
46. Uitwaarts beweeg (2:19)
47. Nagespoor (2:22)

AF

1. Volksgroep (2:10)
3. Belofte (2:17)
4. 'n Koning (2:17)
5. Gesinslid (2:13)
7. Uitsetting (2:10)
10. Besigtig (2:1)
12. Zero (2:22)
13. Benoudheid (2:9)
15. Eerbare (2:12)
18. Die skemeruur (2:5)
21. In- en uitgange (2:19)
23. Eksodus (2:10)
24. Huisbedekking (2:6)
26. Kanaän (2:1)
28. Sy waters droop op (2:10)
29. Tydperke (2:22)
30. Ragab se blyplek (2:3)
33. Die verkenners (2:1)
35. Lojaliteit (2:14)
37. Innerlike menswees (2:11)
38. Manlike gesinslede (2:18)
39. Sy kop (2:19)
44. Vinnig (2:5)
45. Josua se pa (2:1)

Hoe werk dit?

GEGEE:

1) Woordblokdiagram, leidrade, soldateversperrings, bosryke areas en rowers.
2) Die sodate kyk in die rigting waarin pyl en boog wys. Rowers kan links, regs en na vore sien. Die bosryke areas bied egter beskerming vir die twee spioene.
3) Beweging deur die wit blokkies is egter veilig en hul kan nie daar aangeval of gevang word nie.

GEVRA:

1) Voltooi die Woordblok met behulp van die leidrade.
2) Teken die mees waarskynlike pad waarlangs die spioene veilig kan beweeg in Kanaän. *Moet nie van die wakende oë van die soldate en rowers vergeet nie!*

3a) Die spioene moet egter deur elke woord beweeg, maar hul mag slegs deur 1-3 witblokkies per woord beweeg en mag nie terugdraai nie.

3b) Die pad van die spioene verloop nie kronologies volgens die leidraadvolgorde nie (met ander woorde van 1-47 nie), maar is 'n lukrake beweging, in alle rigtings (behalwe diagonaal) deur die diagram.

TEKS, UITLEG, ILLUSTRASIE: DALEEN PIENAAR 2019. *SOLI DEO GLORIA*

Artikel 3

Ek as AP kerklidmaat wil graag duidelikheid hê oor Artikel 3 van die AP Kerk se *Kerkorde*. Hierdie artikel verklaar dat lidmaatskap aan slegs blankes verleen kan word. Die *Kerkorde* staan op die Bybel. Christus en die apostels leer die Christendom onomwonde inklusiwiteit van alle volke, nasies en mense. Almal moet die Woord van God en die heilsgeskiedenis en -boodskap hoor. Christus se laaste boodskap aan sy dissipels, die vier Evangelies en die reise van Paulus en al die ander apostoliese boeke getuig daarvan.

Op watter Bybelse gesag kan die AP Kerk aan blankes eksklusief lidmaatskap van die AP Kerk gee? In sy groot genade het God aan alle volke hul ontstaan, blyplek en kultuur (die inhoud van die daaglikse lewe en aktiwitete) gegee sodat hulle God kan soek, vind en aanraak (Hand. 17:26-28). God gee vir elke volk so iets aards van sy eie. Hierdie Godgegewe verinheemsing van die volk word nêrens Bybels as eksklusief vir gemeentes verklaar nie. Christus se Bybelse opdrag is om dissipels van alle mense – ongekwalifiseerd – te maak. Hierdie opdrag het God se aardse gawe aan die mensdom nie weerspreek nie, maar ook nie 'n eksklusiewe orde aan 'n volk toegeken nie. Die gelowige het deel aan die liggaam van Christus. Kan dit eksklusief blank wees? Sê die AP Kerk dat die sakramente net aan blankes bedien mag word? So-iets lyk vir my onbybels. Dit lyk juis verdag as die totale 20 000 AP kerklidmate vir hulle by implikasie sulke eksklusiwiteit opeis. Ek sal bly wees om ons kerk se uitspraak hieroor te hoor.

As 'n breë stelling kan 'n sekte beskou word as God/Christus plus nog iets. Wat van God/Christus + eksklusiwiteit. Neig ons nie dalk in daardie rigting nie?

Hartlike dank en seën vir u goeie werk.

Irving de Swardt

NS Ek meen dat ander kerke se lidmate wat die AP Kerk sal oorweeg, afgeskrik sal word vanweë Artikel 3 van ons Kerkorde.

Antwoord – Uit die skrywe blyk dit dat u na *Kerkorde* (2018) artikel 3.2 in isolasie verwys. Dit is egter belangrik om dit in samehang met artikel 3.3 asook die res van die *Kerkorde*, te lees. In artikel 3.3. word die begronding vir die artikel uiteengesit.

Die kerk van Christus moet voortdurend waak daarteen om deur die diskoers van die tyd voorgeskryf te word. Die gevaar is dat ons, omdat die wêreld rassisme skree, sal terugdeins vir die gebruik van 'n term soos blank om ons identiteit mee te definieer. Tog moet ons ook nie toelaat dat ons tradisies en vooropgestelde idees ons Skrifhantering bepaal nie. Om tussen hierdie gevare te navigeer, moet ons voortdurend terugkeer na die Skrif.

Oor die eenheid in die verskeidenheid en die verskeidenheid in die eenheid, verwys ek u graag na die artikel oor die volkseie kerk in die sinodale publikasie *Ontmoetingsgesprek* 2009 (p. 125-128), asook die teologiese begronding in "Skriflig op Kerk en Volk". Lees gerus ook weer die artikels van di. Schütte en Strauss in *Die Boodskapper*, Oktober 2019.

Ons moet waak daarteen dat ons nie die beginsels wat geld ten opsigte van die "algemene Christelike Kerk", net so op die plaaslike kerk wil toepas nie. Die plaaslike kerk is waar die algemene kerk plaaslik sigbaar raak. Aangesien die plaaslike kerk die vergestalting van die algemene Christelike kerk is, behoort die verinheemsing van die kerk ook deurgetrek te word na die plaaslike gemeente en as voorreg van die plaaslike gemeente gesien word.

Die verskeidenhede wat God in die mensdom gewil het, kan nie saamgedwing word nie. As ons byvoorbeeld een kerk in die plaaslike gemeenskap móés wees, watter taal sou ons in die plaaslike kerk besig? As ons een kultuur móés handhaaf, wat van die mooi in die ander kulture wat nie sonde is nie? Die argument kan ook wees dat Jood en Griek binne dieselfde gemeente kan lidmate wees, sonder om hul volkskap prys te gee. In praktyk is dit juis wat gaan gebeur, want een van die twee gaan die Here in 'n ander taal as sy moedertaal moet aanbid. So skep

ons 'n on-Bybelse diskontinuïteit tussen skepping en herskepping. Die mooi van elke etniese groep, word juis in die algemene kerk geheilig deur dit plaaslik onder geklank van die Woord van God te bring. Daarom dat dit goed is as elke volk sy besonderse eienskappe behou en dit heilig tot eer van God. Van daardie eienskappe is ons herkoms, wat ook ons volk, taal, stam en geslag insluit.

Christenskap hef nie identiteit op nie, maar heilig dit. Wanneer in Galásiërs 3:28 geskryf staan dat daar nie meer Jood of Griek is nie, word daar ook bygevoeg word dat daar nie meer man en vrou of slaaf en vryman is nie. Tog is die betekenis nie dat alle onderskeid tussen mans en vroue, slawe en vrymanne, Jode en Grieke opgehef is nie, maar binne die konteks van die gedeelte dat die verlossing nie op verskillende maniere vir die onderskeie persone kom nie. Deur die geloof in Christus kry almal deel aan die verlossing (v. 26). Persone uit alle volke, stande en beide geslagte word dus op een en die selfde manier geregverdig en geheilig (vgl. Kol. 3:11).

Dit sou oneerlike Skrifuitleg wees om te beweer dat hierdie tekste volksidentiteit ten wille van Christenskap ophef, want dan mag daar ook nie in 'n Christelike bedeling onderskeid tussen mans en vroue wees nie en geen sosiale stande bestaan nie. Eerder sou ons kon sê dat Christen-Afrikaners anders behoort op te tree as ongelowige Afrikaners, juis omdat hulle deur Christus gered en 'n nuwe lewe in Hom ontvang het. Wanneer die AP kerke in kerkverband, en elke plaaslike kerk hulle dus posisioneer as kerk van Christus onder blanke Afrikaners, is dit omdat ons juis as kerke in kerkverband ons roeping daarin sien om Christus binne ons volkshuishouding te verheerlik en ons lidmate, wat Afrikaners is, in hulle dienswerk vir Christus toe te rus, sodat hulle in 'n milieu waar hulle tuis voel, die Here kan leer ken en dien. Dit sluit egter nie uit dat ons as kerke ook 'n roeping het om die evangelie aan ander volke te bring nie (kyk *Elkeen Oral Gestuurde*).

Let wel dat die kerkorde-artikel nie 'n rassistiese uitspraak is nie, maar bloot die feit konstateer dat die Afrikaner/Boerevolk se oorsprong Europees is en dat die blankheid, wat tog wesentlik deel van ons Europese (erfenis)identiteit is, in die uitspraak erken word. In die konteks van die besluit wat tot artikel. 3.2 se formulering gelei het, is dit reeds verreken en is daar tydens die sinode van 1987 geoordeel dat dit nodig is om die standpunt duidelik te stel dat die AP Kerk die Afrikanervolk as blanke volk beskou. (Kyk *Geloof en Protes* en *Stigtingsakte*)

Indien iemand tuis voel in die Afrikaanse Protestantse Kerk en in 'n plaaslike kerk kan tuiskom, word dié nie toegelaat op grond van volkskap nie, maar op grond van die belydenis dat Jesus Christus as enigste Saligmaker en Verlosser (KO art. 3.2 en 4.1) aanvaar word, die Bybel as die Woord van God erken word en die Belydenisskrifte van die AP Kerk onderskryf word omdat dit met die Bybel ooreenstem (KO art. 1). Dat die Here saam met mede-Afrikaners in sodanige kerk aanbid mag word, is 'n Christen-Afrikaners se voorreg.

Indien iemand oortuig is dat hulle nie slegs saam met ander Afrikaners die Here wil aanbid nie, is dit steeds hul plig voor God om aan te sluit by 'n kerk, selfs 'n multikulturele kerk (wat ook 'n uitdrukking van verinheemsing is), wat aan die vereiste vir 'n suiwer vergestalting van die kerk van die Here voldoen.

'n Slotopmerking oor sakramentsbediening. Dit staan onder toesig van elke plaaslike ouderlingeraad. Die AP kerk het nog nooit besluit dat sakramente slegs aan blankes bedien mag word nie. Daar is wel besluit op 'n geslote nagmaal en dat alle besoekers (ook blankes) by die plaaslike ouderlingeraad toestemming moet kry om nagmaal te gebruik.

Ds. Martin Jordaan
(Voorsitter: KKCE)

2023 DV – VOLGENDE STUDIETOER NA EGIPTE/ISRAEL

Hou 2023 in gedagte. By die AP Akademie word alreeds beplan vir die volgende studietoer. Studente, predikante, lidmate, vriende en familie is almal welkom.

Toerleier: Prof. Gerrit Smit (gerrit.smit@apa.ac.za)

AP AKADEMIE
"Ou Spore - Nuwe Weë"

DELMAS

Belydenis van geloof

Die AP Kerk Delmas is trots op die pragtige Juané van der Merwe, wat op 10 November 2019 belydenis van geloof afgelê het. Die gemeente verwelkom haar as nuwe lidmaat en glo sy sal baie genade en vreugde ervaar.

Op die eerste foto is Martie Venter, een van die stigterslede van dié kerk wat op 15 November 1987 plaasgevind het, saam met Juané en ds. Schalk. Martie Venter se oorlede man, Neels Venter, was die bouer van die kerkgebou. Martie het hierdie pragtige versierde koek spesiaal vir die kerk se verjaarsdag laat bak. Baie dankie Martie!

Die hoeksteenlegging is deur ds. HC van der Merwe waargeneem op 19 November 1995.

Annatjie Bothma

Martie Venter, Juané van der Merwe en ds. Schalk Strauss

Die koek wat Martie vir die kerk se verjaarsdag laat bak het

Juané, haar ouers Johan en Juanita, tweeling sussies Innette en Surene en ds. Schalk Strauss. Johan is voorsitter van die ouderlingeraad van AP Kerk Delmas

NYLSTROOM

Wyse Gryses

Die ouer garde (hulle noem hulself die "Wyse Gryses") het hulle jaarlikse afskeidsfunksie gehad. Hulle het lekker op die plaas van Jaco en Bes Bogaard gekuier en sommer n lekker ontbyt genuttig.

'n Paar van die Wyse Gryses (op die foto) het nou al hulle Wysheid of Grysheid ontgroei, want hulle is al aan die verkeerde kant van 80.

Stoffel Visser

Agter: Hennie de Wet (82), Stoffel Visser (80), Dawie Herman (89). Voor: Antonette de Wet (82), Ans Jacobs (81), Jeanette van Jaarsveld (84), Rina Höll (80), Marina Herman (81)

MY BELEWENIS VAN DIE TOER

Maryke – Die toer is 'n moet vir enige iemand wat die geleentheid gebied word. Die kennis wat daaruit geput kan word, is 'n enorme aanwins vir alle Christene. Die toer het my perspektief gegee oor gebeurtenisse asook plekke wat in die Bybel beskryf word. Die berge rondom Jerusalem en die ope velde van die herders. Die berg Sinai van Exodus en die dorre woestyn waar die volk vir 40 jaar gewandel het.

Stephanie – As ek moet opsom. Dit het my geloof versterk. Ek het by die leë graf gestaan en trane het spontaan oor my wange begin loop soos ek die Heilige Gees tasbaar daar ervaar het. Soos nog nooit tevore in my lewe nie, het ek besef: My Verlosser het waarlik opgestaan! Die hele toer het vir my die Bybel oopgemaak.

PLAAS WINDHOEK by BLOEMFONTEIN

Dagbesoek/Groepe, Akkomodasie, Kampeer, Troues/ Funksies. 230 ha vrye natuur: stap in veld, rantjies klim, swem in klipdam, windbuks skiet, speelparkie, braai- en kombuisgeriewe, MARKIESTENT!

Skakel Gertrud by 083 708 4044
www.farmwindhoek.co.za

BLOEMFONTEIN HOSPITAALPARK

OPPIE HOEK: 2 LUUKSE SELFSORG WOONSTELLE

Onder: 4 persone. Bo (trappe): 7 persone. Veilige parkering, onderdak braaigeriewe, Wi-Fi, troeteldiervriendelik!

Skakel Gertrud by 083 708 4044

Hartenbos vakansie-akkomodasie

Marjohandie Woonstel: 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, skottelgoedwasser, tuimeldroeër, onderdak ingeboude braai. Loopafstand van die see.

Die Huisie: 3 slaapkamer, 2 badkamers, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, verskuifbare braaier. Loopafstand van die see.

Bring eie bad- en swemhanddoeke.
Geen troeteldiere of bediendes nie.

Kontak Cornelle 082 377 4896

VERBLYF VIR MANSSTUDENTE, UNIVERSITAS BLOEMFONTEIN

R3 000 pm. Enkelkamer.

Studente deel: 6 kamers,
2 badkamers, 1 kombuis, 1 sitkamer

Ingesluit: water, elektrisiteit,
onbeperkte internet, Dstv Premium

Voorwaardes: Handhawing van stil
en rustige atmosfeer baie belangrik

Kontak Hendrik Minnaar
062 660 5578 of minnaarh@yahoo.com



ANTWOORDE: DESEMBER 2019/JANUARIE 2020, BL. 24

OLIFANTSHOEK

Belydenis van geloof

Op Sondag, 17 November het twee van ons jong lidmate belydenis van geloof afgelê. Hulle is: Jeanë Joubert en Nicky Loots. Die gemeente ontvang hierdie twee jong mense met ope arms vol liefde en seën. Baie geluk ook aan hulle ouers, grootouers en VBO-voorgangers wat hulle tot hier gebring het. Ds. Johan Verdoes het die verrigtinge waargeneem.

Nogmaals welkom as belydende lidmate in die AP Kerk Olifantshoek.

Jeanë Joubert, ds. Johan Verdoes en Nicky Loots

Gemeentelike kuierdag

Wat net die dames se afsluiting sou wees, het ná 'n paar skimpe 'n heerlike kuierdag geraak! Ons het die dag begin met lekker opwindende speletjies saam met die kinders – van boeresport tot waterballonne.

Die dames het daarna 'n verfklas gehad en elkeen het vir haarself 'n pragtige houtbord gemaak. Die mans het so 'n bietjie skyfgeskiet terwyl die dames besig was. Die hoërskoolseuns het ook ingeval en vir die ooms lekker kompetisie gegee. Daarna het almal saam lekker onder die bome ontspan en saam gekuier en vleis gebraai.

Ter afsluiting het van jonk tot oud saam noot vir noot gespeel met lekker bekende FAK- en ander Afrikaanse liedjies. Dit het groot pret verskaf en almal het lekker gelag!

Kerssangdiens

Op 24 November 2019 het die AP Kerk Olifantshoek hul jaarlikse Kerssangdiens gehou. Die kerk was stampvol en daar is heerlik en uit volle bors gesing. Ds. Johan Verdoes het die preek pragtig laat harmonieer met die liedere. Die kerk was ook baie mooi versier met kersversierings – soos daar op die foto's gesien kan word.



Ná die diens was daar heerlike versnaperings en drinkgoed – soos net die vrouens van die Kalahari dit kan voorberei. Dit was een heuglike aand wat lank onthou sal word.

Johan Lamprecht

AP KERKDASSE

Wit Kerkraadsdasse @ R100
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

VIR BESTELLINGS
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

BALLITO

Luukse netjiese toegeruste 3 slaapkamerwoonstel. Loopafstand van die strand. Pragtige see-uitsig. Motorhuis en onderafdak parkering in sekuriteitskompleks. Billike tariewe. Linne ingesluit.

Kontak Dina 012-662 5689 / 083 285 4738

BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

BOTSWANA

Op pad na die Caprivi, Okovango of Maun ... ?
Kom slaap oor of kom vir 'n paar dae en geniet die rustigheid van 'n voëlryke Kalahari-plaas. (Verskillende spesies Aasvoëls is te sien)

Vir meer besonderhede skakel na-ure:
Elmarié by 082 968 0186/evorster83@gmail.com
of Delia by 082 339 7764

DOONSIDE (2 km van Toti)

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV. Onderdak parkering. Braaiplek, winkel, wassery. Superwaarde.

082 821 2601 / 012 943 4102
www.shangrilaholidayflats.co.za

WOW!! Vakansiewoonstel te huur!!

Luukse selfsorg, ruim, vakansiewoonstel **(Doonside naby Winkelspruit)** teen strand (70 m). Pragtige see-uitsig. 3 Slaapkamers, 2¼ badkamers, veilige sekuriteitsbeheerde parkering onder die gebou. Naby groot winkelsentrums. Billike tariewe, ook buite seisoen.

Kontak: Petro 082 412 0999 / 082 550 3385

TEN VOLLE GEMEUBILEERDE VAKANSIEHUIS TE HUUR: HARTENBOS

4 Slaapkamer. +/- 500m Vanaf hoofstrand.
+/- 300m Vanaf winkels en stalletjies.
Baie naby aan die amfi-teater.

Skakel Liezel Niemann
vir meer besonderhede: 072 597 0543

Hartenbos Woonstel

Puik selfsorg woonstel. Stap na strand
Skottel TV. Onderdak braai op patio
Slaap 1-6. Baie gewild. Beste tarief heel jaar

Kontak: 044 695 0219 / 082 641 4092

Selfsorg akkommodasie met:
Saal, herberg, kothuise en kamp staanplekke.

MAJUBA 1881

NUUT: 4x4 baan, bergfiets/wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978

Vakansie-geleentheid vir predikante

Die AP Kerk Suidkus bied die volgende:

- Gratis verblyf vir 10 dae per gesin (reiskoste heen en weer uitgesluit).
- Skoolvakansie 50% van verblyfkoste.
- Pligte: Preke op Sondae en feesdae wat in daardie tyd val.
- Indien nodig, hospitaalbesoek of ernstige siekte tuis. Begrafnis (addisionele vergoeding).
- Reistoelae: Slegs vir ritte binne die gemeente vir bogenoemde besoeke.

Skriba: Kobie Jacobs 082 896 3236/039 313 5181



POTGIETERSRUS

Kom kinders, besing ...

Op Sondagaand 24 November 2019 gebeur 'n eerste vir die Afrikaanse Protestantse Kerk op Potgietersus. Met die voordrag *Soos daar reeds lank tevore voorspel is* (vgl. AP Kerk Ges. 133) neem die Kerssanggeleentheid, aangebied deur tien dooplidmate en twee jong-nuwe belydende lidmate, 'n aanvang. In voordrag en sang ontvou die verhaal aangaande die voorspelling en die geboorte van ons Verlosser, Jesus Christus.

Voor: Carine Möller, Dawid Oosthuizen. Middel: Lezelle Pretorius, Suzanne Pretorius, Krause Botha, Sias Oosthuizen, Muniel Genis. Agter: Lené Nel, Stiaan Genis, JF van der Merwe, Elzette Pretorius, Marlé Genis

Daar word eerste gesing van 'n *Somerkersfees* (vgl. AP Kerk Ges. 162) en dan vertel van *Die stad van koning Dawid* (vgl. AP Kerk Ges. 156). Dan weer sang oor *Die Heiland is gebore* (vgl. AP Kerk Ges. 158), gevolg deur 'n Kerskeurspel geweef rondom hierdie Heilige Geboorte. Die vertelling gaan voort oor *Die winterkou by Betlehem* (vgl. Hallelujalied nr. 42) en dan weer sang oor *Die Betlehemster* (vgl. Hallelujalied nr. 40).

Verdere voordrag en sang wissel mekaar af, om uiteindelik af te sluit met *Die Oorwinningslied* (na die weergawe van Piet Smit) en *Seënbede* (na die weergawe van Anneli van Rooyen). Deur die verloop van vyf voordragte en twaalf liedere, word ons vreugde oor die koms van ons Verlosser besing. Die sang word deurentyd ondersteun deur orkestrale begeleidingsmusiek. Hierin kwyt die kinders hul uitstekend van hul taak. Daar word voor die voet op die regte plekke ingeval en die melodienote van die liedere klink suiwer en klokhelder bo die akkoordklanke van die begeleidingsmusiek uit.

Ons dank die Here vir die gawes van voordrag en sang wat ons, buite die amptelike erediens, in die eerste plek gebruik tot verheerliking van sy Naam, maar ook gebruik tot die ordelike opbou en stigting van sy gemeente.

Ingestuur

GANSBAAI

Huldeblyk: Brakel Beukes (12-11-1962 – 03-08-2019)

Met groot hartseer neem ons afskeid van die voorsitter van ons ouderlingeraad ná 'n siekbed van slegs een maand. Sy ogggendgroet soggens word erg gemis: "Hallo tjomma, hoe gaan dit? Wat sê jy vanmôre?" En altyd die stywe drukkie met 'n glimlag. Ons mis jou Brakel! Felicity en kinders, asook skoonma Elize, ons bid julle baie sterkte toe.

Gansbaai se pleistertjies het opgeraak, ons het nou al te veel kerkraadslede gegroet.

Annatjie (Skriba)

Brakel Beukes

NATAL SUIDKUS

Luukse 2 slaapkamer woonstel
Pragtige see-uitsig
Billike tariewe

Skakel 082 338 8253

OORNAG TE BLOEMFONTEIN

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en -badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

Skakel Piet of Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530

Gariepdam

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal, PE en OL. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

Kontak Debbie: 082 326 5714

Natal Suidkus – Southport

Lekker, gerieflike selfsorg tuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see uitsig, DSTV ens.

Kom ontspan in n rustige stil omgewing!

Kontak Hendrie: 072 932 1070

SUIDKUS MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamer – 6 persone. See- en brander-uitsig van balkon. 2 x onderdak parkering

Skakel Liezl vir tariewe 082 788 9304 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

UVONGO VAKANSIEWOONSTEL

*See-uitsig *Naby hoofstrand *Lugreëling *TV *Swembad met braai *Slaap 4/5 (Een slaapkamer) *Privaat parkering *Pensioenarisse R250 per dag (buite seisoen) *Admin. eenmalig

Skakel Leani 079 985 0791 (Agent) met verwysing vir afslag Jopie du Plessis: jopie@dupl.co.za

Voornemende en huidige KOVSIES 2019

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

AP Kerk Bainsvlei –
Kontak ons by 082 614 5867

Wili-werk-ni

Ten volle toegeruste vakansiewoning op die grens van Margate en Uvongo. Loopafstand na die strand. Pragtige see-uitsig. Billike tariewe

Skakel Willie of Poppie Brits: Tel. 039 317 2076, Sel: 082 746 4852
Queenstraat 18, Uvongo

VOLKSHULP 2000

- Volkshulp 2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynorganisasie wat na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer.
- Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om die toenemende nood te bestry.
- Belastingkortingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.

Straatadres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
Tel. nr. 012 755 8201/2,
Posadres: Posbus 11824, Queenswood 0121
Tjekrekeningnommer: Absa 10176514, takkode: 632 005

By voorbaat baie dankie vir u bystand

Op soek na 'n dameswoonstelmaat vir 2020

Ruim 2 slaapkamer woonstel geleë in Queenswood, Pretoria. R2 900. Wasmasjien, yskas en mikrogolf – moet eie kamer meubileer. Voorafbetaalde elektrisiteit (uitgesluit). Groot sitkamer met 1.5 badkamers. Gesamentlike kombuis. Swembad en braaiarea. Beskikbaar vanaf Januarie 2020.

Kontak vir meer inligting of foto's: 072 713 5545

POTGIETERSRUS

Gemeentekamp 2019

Gedurende die naweek van 18-20 Oktober 2019 het die AP Kerk Potgietersrus hul jaarlikse gemeentekamp gehou. Die tema: ELKEEN ORAL GESTUURDE. Die drie woordjies vat mos die AP Kerk se evangelisasie- en sendingbeleid saam. Prof. Alwyn Swanepoel stem in om sy insigte met die lidmate te kom deel.

Alreeds van Donderdag af word tente opgeslaan en woonwaens waterpas gemaak staan. Ernstige hengelaars se visstokke staan Vrydagmiddag gereed; van die jongspan baljaar vroegmiddag reeds in die koel damwater ... die ouer garde geniet mekaar se geselskap onder die koeltebome op die oewer.

Die kosgeneraalspaar is intussen besig om met die hulp van etlike lidmate aandete gereed te kry. Toe die fluitjie blaas, kom almal aan om te kom smul aan die heerlike ete!

Daarna word dit by ELKEEN tuisgebring dat Jesus ELKEEN wil gebruik om die boodskap van redding, hoop en liefde die wêreld in te dra. Ná Boekevat, samesang en 'n laaste koppie tee of koffie is dit slapenstyd! Mensstemme verstil; paddagesange en kriekelirieke voer die botoon.

Volgens tradisie gaan ons Saterdagoggend die sonsopkoms van die koppie af beskou. Dit is 'n heerlike voorreg om díé wonder uit die Skepper se hand te beleef. Ná ontbyt, luister die belydende lidmate na prof. Alwyn as hy die ORAL van die tema onder die vergrootglas plaas. In laer- en hoërskoolgroepe ontdek die jongklomp dat hulle geroep is om as God se kinders ORAL so te leef dat Christus se wonderlike liefde uit hulle lewens spreek.

Saterdagmiddag kom die GESTUURD-heid aan die beurt. Geroep én gestuur, deur die Koning oor alle konings met 'n boodskap van hoop en liefde – 'n ontsaglike voorreg vir enige begenadigde sondaar!

Aandete – die smullekkerste skaap én vark van die spit af, natuurlik!

Teen sewe-uur Sondagoggend gaan prof. Alwyn in die erediens voor. Verbondsonderrig vind onder koeltebome plaas. Ná die samevatting van die naweek se besprekings, is die kole teen twaalfuur gereed en eet almal vir oulaas die naweek saam. Daarna is dit terug huis toe – om ELKEEN ORAL GESTUURDE van ons Here te gaan wees!

Ds. Philip Buitendag

Louis Botha val Duits-Suidwes in Februarie 1915 binne – Dr. Pieter Mulder

Generaals Louis Botha, Jan Smuts, Christiaan de Wet en Koos de la Rey was Afrikanerhelde ná die Anglo-Boereoorlog. Twaalf jaar later neem hulle die wapen teen mekaar op. Hoe was dit moontlik?

Die mislukte Jameson-inval van 1896 was 'n waarskuwing dat oorlog met Brittanje op pad is. As voorbereiding het die Transvaalse regering moderne kanonne en altesame 37 000 Mauser-gewere uit Duitsland aangekoop. Die Mauser was destyds die modernste militêre geweer in Europa. Die Duitsers help ook om in hierdie tyd forte soos Schanskop en Klapperkop te bou. Die Duitse wapens en forte maak dat dit drie jaar neem vir Brittanje, as die supermoondheid van daardie tyd, om die Boere in 1902 te oorwin.

By die Vredesonderhandelinge by Vereeniging in 1902 het generaal De Wet vir 'n voortsetting van die oorlog geargumenteer. Ons het nie verniet so 'n reuse prys met afgebrande plase en die dood van vroue en kinders betaal nie, was sy argument.

Na bewering het Botha vir De Wet eenkant geneem en hom oortuig om die vryheid van die Boererepublieke voorlopig prys te gee tot die volk eers weer herstel het. Sy hoofargument was dat Brittanje eendag in 'n oorlog in Europa vasgevang gaan word. Dan is dit die tyd om die Boererepublieke terug te neem. Hierop teken De Wet.

Die Afrikanerleiers stuur in 1906 vir generaal Jan Smuts na Brittanje. Sy opdrag is om selfregering vir die verowerde Boere-republieke by die nuwe eerste minister Campbell-Bannerman asook Winston Churchill, adjunk-minister vir kolonies, te vra. Churchill vra aan Smuts of hy weet van iewers in die wêreld waar 'n verowerde volk so gou nadat hulle verslaan is, toegelaat is om hulleself te regeer?

Smuts argumenteer dat die Britte die keuse het om die Boere as permanente vriende of permanente vyande te hê. As jy die Boere vriende maak, sal jy sien hulle is baie lojale vriende, belowe Smuts.

Smuts is suksesvol. In Desember 1906 kry Transvaal selfregering. Waarskynlik het Brittanje Smuts daarmee vir hulle saak gewen vir die res van sy lewe. Hy jubel: "Hulle het ons land vir ons teruggegee met alles behalwe die naam. Die Britte maak foute, maar hulle is grootmoedig."

Agt jaar later in 1914 verklaar Brittanje oorlog teen Duitsland. Botha verklaar dat Suid-Afrika homself sal kan verdedig en dat die 6000 Britse troepe na Europa kan terugkeer om daar te gaan help. Generaal De Wet is opgewonde dat dit die geleentheid is wat Botha voorspel het waar die Boererepublieke se onafhanklikheid maklik herstel kan word.

Ongeveer 11 500 Boere-veterane uit die Anglo-Boereoorlog neem die wapen op en is bereid om De Wet en Maritz en ander Boeregeneraals te steun in hulle poging om die ou Boererepublieke terug te kry. De Wet glo aanvanklik Botha sien ook die geleentheid daarin raak.

Brittanje vra egter vir Suid-Afrika om die Duitse kolonie langs Suid-Afrika, Duits-Suidwes (Namibië) vir Brittanje te gaan verower. Die toets van Boere-lojaliteit aan Brittanje kom gouer as wat Botha en Smuts gehoop het.

Die verwarring in Afrikanergeledere blyk duidelik uit die reaksie van generaal Coen Brits: "Wie baklei ons, die Britte of die Duitsers?" sou hy gevra het. Februarie 1915 val Botha Duits-Suidwes binne.

Waar Duitsland in verskeie opsigte die Boere in die Anglo-Boereoorlog ondersteun het, moet Afrikaners nou 12 jaar ná die oorlog vir Brittanje teen Duitsland veg. De Wet sit hom teë en neem die wapen teen Botha en Smuts op. Die opstand misluk. 'n Uitgeputte generaal De Wet word teen die einde van November 1914 naby Vryburg gevang. Generaal Coen Brits het De Wet se perdekommando met motors ingejaag.

"Dit was die motors wat my gewen het," het De Wet met sy gevangeneming gesê. Hy is dankbaar dat dit Afrikaners is wat hom gevang het. "Die Engelse het my dus nog nooit gevang nie," was sy reaksie. De Wet, die held van die vorige oorlog, word verneder en kry ses jaar tronkstraf.

Botha en Smuts het geglo hulle tree in die beste belang van Suid-Afrika op. Hulle is deur baie Afrikaners as "oorlopers" en "verraaiers" uitgekryt. De Wet en die ander Boere-generaals het geglo hulle tree in die beste belang van die ou vrye republieke op. My simpatie is met De Wet, maar net so baie glo vandag steeds dat Botha en Smuts reg was.

Die meeste botsings in die politiek kom van leiers wat verskillend reageer op 'n skielike nuwe situasie. So was dit ook in 1914 met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog. Hierdie verskille sou later 'n baie groot rol in die bitter Sap-Nat-politiek vir die res van die eeu speel.

Die wonder van die Woord

deur prof. Hendrik van der Wateren

Prys: R250,00 + posgeld.
Bestellings: Theresa 082 496 8576 of kerkkantoor 014 717 3720.

In 'n post-moderne wêreld waarin waarheid so dikwels gerelativeer word, is die aanslag op die Bybel groot. Die hoofrede hiervoor, is omdat die Bybel op grond van Goddelike inspirasie aanspraak maak op absolute gesag en 'n uitdrukking van God se soewereiniteit is. Vir mense met 'n individualistiese denkraamwerk waarin hulle eie voorkeure die botoon voer, is dit problematies en word die gesag van die Skrif gevolglik tot op die hoogste akademiese vlakke uitgedaag.

In sy jongste werk *Die wonder van die Woord*, swig professor Hendrik van der Wateren nie voor hierdie druk nie. Volgens hom het die eeue-oue "Pilatusvraag" na die waarheid net een antwoord, naamlik die geopenbaarde Woord van God soos vergestalt in Jesus Christus. Uit die staanspoor maak hy dit duidelik dat die gesag van die Skrif ononderhandelbaar is en dat die Bybel deurgaans as openbaring van God erken word. Hy pak 'n omvangryke taak aan, naamlik om die geskiedenis van die Woord te beskryf waaruit die geskiedenis van die mensdom afgelees word.

Hoewel daar chronologies met die kultuur-historiese agtergrond en leefwêreld van die Ou Testament omgegaan word, word dit deurgaans teen die agtergrond van die heilsgeskiedenis gedoen. Dit hou rekening met die hooflyne daarvan soos wat dit dwarsdeur die Bybel aangetref word. Die boek het ten doel om as kultuur-historiese gids vir Bybelstudente te dien, maar bied ook meer. Dit tree voortdurend in gesprek met liberale benaderings tot die Skrif waarvolgens die gesagvolheid daarvan onder verdenking gebring word.

Hoewel die boek waarskynlik tegnies beter versorg kon wees, behoort die ernstige Bybelstudent vir wie die gesagvolheid van die Bybel ononderhandelbaar is, hierdie boek van groot waarde te vind. Dit is meer as net 'n kultuur-historiese beskrywing van die leef- en volkerewêreld van die Ou Testament. Dit bied oor filosofiese en eksegetiese perspektiewe wat help om tot groter begrip van en waardering vir die Skrif te kom.

T: 012 362 1390
boekwinkel@apk.co.za
www.apk.co.za/boekwinkel

Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

DIE WIT ROKKIE

deur Annemarie du Toit
Illustrasies deur Riana Brink

Prys: R75,00

Ideaal vir jonger kinders.
Op 'n maklik-verstaanbare trant verduidelik die boekie op 'n indirekte wyse wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

Maryna en haar gesin besoek familie in Engeland en gaan 'n baie belangrike troue bywoon. Op die dag van die troue kan Maryna net nie die versoeking van 'n sproeier weerstaan nie en maak haar mooi rokkie vuil. Haar pappa wil haar straf omdat sy ongehoorsaam was, maar haar ouboet kom gelukkig tot haar redding.

Die wonderlike boodskap wat hierdie boekie bring saam met sy fraai illustrasies, smeek om voorgelees te word. Die prenteboek van 28 bladsye, wat ook 4 inkleurbladsye insluit, word aanbeveel vir kinders 3-9 jaar.

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Kom vul jou mandjie by ons aanlyn boekwinkel:
www.apk.co.za/boekwinkel